Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT

UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXIV Nr. 7 PRYS 10c

VRYDAG, 8 AUGUSTUS, 1980

CARNEGIE BIBLIOTEEK UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH 28-8-1980 CARNEGIE LIBRARY UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

# PR DOODGEBORE – HENDRICKSE

"DIE Presidentsraad is doodgebore," het Eerwaarde Alan Hendrickse, leier van die Kleurling Arbeidersparty, gesê in sy toespraak op Stellenbosch. Eerwaarde Hendrickse het 'n SAAK-vergadering oor die Presidentsraad toegespreek.

Eerwaarde Hendrickse het sy toespraak ge-open deur te sê dat hy hoop die Regering het uit die foute van die verlede geleer. Toe die ou Grondwet opgestel is het die meerderheid van die volk nie seggenskap daarin gehad nie. Die huidige toestand is ook nie bevredigend vir sy mense nie. Dit is nou die tyd om voort te gaan met vreedsame onderhandelinge voordat daar weer na klippe gegryp moet word vir die verkryging van regmatige regte. Hy het die gewese Eerste Minister, adv. Vorster, aangehaal wat gesê dat 'n Party wat 'n nuwe Grondwet opstel besig is om veld te verloor. 'n Mens trek immers net jou testament op as jy weet jy is na aan jou einde.

### GRONDWET

Die nuwe Grondwet moet die diverse kulture tot een volk saamsnoer en moet ook die kwelvraag oor burgerskap en stemreg oplos. Daarsonder kan daar geen waarborg vir die toekoms wees nie. Die Eerswaarde het ook die vraag gevra of dit werklik nodig is om 'n gesplete volk te hê en dit oor sulke kwessies soos taal en kultuur. Ander lande se resepte vir sukses kan egter nie by ons toegepas word nie, want in Suid-Afrika vind skeiding nie op grond van geloof of op grond van taal plaas nie, maar op velkleur. Daar is op politieke gebied 'n poging om die mag in die hande van die minderheid te hou.

In die nuwe Grondwetlike bedeling is die mag nog steeds in die hande van die Blankes.

Die volk moet een wees maar daar is egter onophoudlike pogings van sekere groepe om dié eenheid te verhoed. Ons het as een volk begin en toe kunsmatig geskei en nou is daar weer 'n soeke na eenheid. Dit kan slegs gedoen word as al die mense in die land 'n sê het in die opstel van die Grondwet. 'n Grondwet wat nie die goedkeuring van die massas wegdra nie, sal nooit slaag nie.

Eerwaarde Hendrickse het toe gesê dat daar in die bogenoemde lig na die Prsidentsraad gekyk moet word. Op die oomblik word die lede van die Presidentsraad deur die Staatspresident aangewys. Alle mense moet gelyke verteenwoordiging hê, maar met die huidige toestand het die mense geen waarborg dat hulle gelyke verteenwoordiging sal kry nie. Dit was dan ook hier dat Eerwaarde Hendrickse beweer het dat die Presidentsraad doodgebore is, want dit verskaf nie die moontlikheid vir regverdige verteenwoordiging nie.

### SWARTES DEEL

Hy het ook gesê dat as die idee van die Presidentsraad wel plaasvind, dan moet die Swartes ook verteenwoordig word in die Raad. Ons moet die Swartes as net so 'n intrinsieke deel van die land beskou, as wat ons die Blanke en die Kleurling beskou. Hierna het die Eerwaarde 'n kort oorsig van sy Party se politieke oogmerke gegee. Hy het ook 'n paar teer puntjies in die Suid-Afrikaanse politiek uitgelig. Van die sake wat hy aangeraak het, was van die diskriminerende wette en hy het ook uitgevaar teen die nie-onderhandelbaarheid van sekere onderwerpe soos byvoorbeeld segregasie. Die bespreking van die onderwerpe kan as een van die wegspringplekke dien op die pad na 'n beter toekoms. Daar moet beskerming wees van die regte van die individu en daar moet ook 'n "habaes corpus"-wet aangeneem word.

### WETTE

Eerwaarde Hendrickse het toe afgesluit deur te sê dat 'n ras wat wette moet maak om sy voortbestaan te verseker, nie die reg het om as ras voort te bestaan nie. Die uitlating is met luide applous deur die gehoor begroet.

Na die tyd het die bespreking op 'n meer informele toon in die Bloukamer aangegaan. Eerwaarde Hendrickse het



**EERW. ALAN HENDRICKSE**

gesê dat sy eie mense hom as 'n sell-out" bestempel.

In die geheel het die Eerwaarde as 'n goeie spreker voorgekom, maar dit was duidelik dat hy nie die nodige sterk leierseienskappe besit wat sy mense juis op die oomblik nodig het nie. Sy toespraak he inslag gevind en soos hy self gesê het: "Beter nou vreedsaam verander voordat die klip en geweld as die enigste veranderingsmiddel deur die Nie-Blanke aanvaar word."

# *DIS INTERVARSITY '80!*



*Een van hierdie pragtige dametjies is aangewys as die Maties se Sjampanjenooi vir die 1980 Intervarsity. Die finaliste was: Agter: v.l.n.r. Mejj. Pamela Hoffman (Irene), Maryke Espach (Aristea), Enge Olivier (Erica), Sharon Bates (Serruria), Rosette Botha (Nemesia), Norma Talmage (Sonop), Melinda Els (Nemesia), Ronell Young (Irene). Voor: v.l.n.r. Christel Theron (Huis Div.), Riëtte van Rooyen (Nerina), Ilse Fourie (Huis Neethling), Marietha Nel (Huis Neethling), Christa Blaauw (Nemesia). Die Sjampanjenooientjie is geborg deur 5th Avenue Cold Duck.*

# KOMITEE GEKORT-WIEK

NA aanvanklike groot verwarring oor die nuwe voorgestelde grondwetlike veranderinge soos voorgestel deur die SP-komitee, het die Uitvoerende Komitee van die SR die volgende besluit geneem: **"Dat 'n oorkoepelende Grondwetkomitee saamgestel word uit die volgende liggame: Uitvoerende Komitee van die SR (5 lede), SP-komitee (4 lede), verteenwoordigers van beide Prim-komitees (4 lede), afgevaardigdes van die GSR en TSR (4 lede) en dat hierdie nuwe komitee op 'n konsensusbasis 'n finale konsep-grondwet opstel wat voor die Monstervergadering sal dien."**

Bogenoemde Grondwetkomitee het elke middag gesit om alle voorstelle behoorlik te oorweeg en konsensus te bereik. Die samestelling van die komitee het op die mees-verteenwoordigende vlak plaasgevind. Ongelukkig het die twee TSR-lede en een primaria egter nog nooit opgedaag vir vergaderings nie.

Dié komitee sal Vrydag klaar wees met die oorweging van alle voorstelle en sal dan 'n konsep-grondwet opstel. 'n Omvattende inligtingsveldtog sal gehou word vanaf Maandag 11 tot Vrydag 15 Augustus om die studente in te lig oor al die implikasies van die voorgestelde veranderings.

Op die monstervergadering van Maandag 18 Augustus sal die konsep-grondwet aan die studente-unie voorgelê word vir goedkeuring.

**MONSTER VERGADERING MAANDAG 18 AUGUSTUS**

**D.F. MALAN-SENTRUM**

**Om 'n nuwe grondwet aan die Studente-unie voor te lê vir goedkeuring.**

# *John Kennedy se Besoek Nodig?*

'n MENS kan jouself die vraag afvra of daar enige immuniteit kleef aan die feit dat jy deel vorm van die befaamde "Kennedy-file"? Stellenbosch het vandeesweek besoek ontvang van John F. Kennedy jr. wat op 'n reis deur Afrika is. Hierdie 19-jarige eerstejaarstudent word vroeg reeds opgelei om perfek te pas binne die hiërargiese struktuur van die Kennedy's.

Hy het o.a. gesels met die Rektor, prof. de Vries en 'n aantal studente ontmoet. Dit sal interessant wees om te kon vasstel of die seun van een van S.A. se vorige premiers op dieselfde wyse deur verskeie instansies in die VSA ook op so 'n wyse voorgestel sou word aan vooraanstaande persone in die VSA? Ons moet net versigtig wees om nie as gevolg van gasvryheid ons waardigheid in te boet nie.



*Mnr. John Kennedy in gesprek met studenteleiers tydens sy besoek aan Stellenbosch. Links op die foto sit mnr. Hilgard Bell.*

Baie insiggewend is egter John Kennedy se antwoorde op vrae oor die huidige politieke situasie in S.A. Met sy voete rustig bo-op die tafel voor hom, verduidelik J.F.K. dat hy grootgeword het binne 'n gemeenskap sonder enige kleurvoordeel. Dit is dus vir hom nie begryplik waarom S.A. so gaande is oor dié probleem nie.

### VOOROORDEEL

So 'n antwoord getuig van nadenke en lê die klag voor ons deur van polities eensydige denke. Het dit nie tyd geword om ook te begin dink in terme van geen vooroordeel nie?

# *Melck's Views*

RECENTLY, whilst on his short tour of Africa, John Kennedy paid a visit to our campus. Mr. Julian Melck, who escorted him at Stellenbosch, gave his impressions of Kennedy's visit.

Presently John Kennedy is a first year student at Browne University, studying Political Science and History. But as yet he is unable to say whether his interest in politics is in any way a reflection of his future plans.

### MEETING LEADERS

Before his arrival in South Africa, he attended the summit meeting of the Congres for African Unity in Freetown. On arrival in South Africa, he had the opportunity of meeting various political leaders, including members of the Cabinet. Commenting on these talks he mentioned that he had found the Afrikaners' struggle to bring about change, particularly interesting.

At informal teas and lunches, he had the opportunity of meeting leaders of our campus – prof. Mike de Vries, members of the old SRC and other student leaders. He also paid a visit to the Journalism Department, and met prof. Piet Cillié, former editor of "Die Burger", who had actually written the edititorial on his father's assasination.

Commenting on his visit to the US campus, he said that he had found it particularly interesting, because he became aware of the fact that these will be the real leaders of the future South Africa.

John Kennedy's casual directness was very appealing, it is just very unfortunate that more students could not have the opportunity of meeting him, according to Mr. Melck.

# "Mr. Vice-Rector: We want action!"

**FRANK TALK, Stellenbosch, writes:**

IN the light of Jeremy Zipp's open-minded and encouraging views on initiation I wish to make clear the tremendous responsibility of Stellenbosch to educate for the future and how initiation creates an atmosphere which makes this impossible.

Looked at from a purely common sense direction, Stellenbosch should realise that its students will be living and most influential in the twenty first century — their education should necessarily be gauged for the future. **It is sad, how superficial and incomplete students' perception of the situation in South Africa is. The harassment of the press, the sense of eternal stability emanating from educational sections of Stellenbosch and fascination with a booming economy and a powerful defence force, create a thin veil of security that effectively hides the future; but of one thing we can be sure: in the remaining years of this century and the beginning of the next, South African society will be radically different.** Few people unfortunately, realise that the greatest challenge for Stellenbosch is to educate people for the future society, built on the ideas of our parents. It is clear that there will be massive problems in adapting from a neo-colonial "European" state to an African nation. This adjustment will demand men and women who can, above all, think critically and analytically, who possess an imaginative and responsible courage, and who have the perseverance to live up to a Christian belief. Stellenbosch must produce people who will be able to take a dynamic and worthwhile part in the birth of our nation.

It is my firm opinion that at the moment this university is not fostering the spirit of individualism that education must. This lack of fóresight means that students leave Stellenbosch unable to think for themselves and that they are void of original and constructive ideas. The epitomy of this stagnant spirit is the continuation of the practice of initiation. This common experience of all first years in residences has survived the half-hearted witch-hunt of the administration, and as far as I am concerned there is absolutely no justification at a university with the standing of Stellenbosch, for such a phenomenon which I hope the authorities find embarrassing. The most disturbing facet of initiation is not so much the physical and psychological ordeals, but rather the unconscious effect it has on the student's perception of his role at university and the values he ultimately holds. **It is undeniable, and indeed often the justification for initiation, that it demands a group feeling and conscience and entrenches a fervent, authoritarian respect for all the traditions and structures of the modus vivendi in the residence and the university. Here is vivid evidence of the repressive and conservative spirit at Stellenbosch which suppresses individualism and self-analysis.** Thus, as long as this barbaric practice continues at Stellenbosch, the university will continue to produce stagnant and unadaptable personalities incapable of making a valuable contribution in a new society.

I am aware that the vice-Rector has been repeatedly informed of events surrounding initiation and that he has spoken against it, but so far no action has been taken to show that he has any conviction in what he says — perhaps he doesn't. Nevertheless I would remind him of the eventual aim of an education at university and hope he makes a more determined and committed effort to ensure that Stellenbosch is indeed "a place of light, learning and liberty".



*'n Briefskryfster is ontsteld oor die "skoonheid" van ons studentedorp.*

# ROMMELSTROOI BEDERF DIE MOOI DINGE

**WILLEMIEN LATEGAN, Berglaan, Dalsig, skryf:**

EK is 'n gebore Vrystater en het daar grootgeword en skoolgegaan. Stellenbosch is altyd deur my ouers (albei oud-Maties) aan my voorgehou as die "mekka van kennis, geleerdheid en die sogenaamde mooi dinge in die lewe". Dit was dus met groot verwagting en opgewondenheid dat ek my weg ná Matriek na die goeie ou Suide gebaan het in die hoop om my ouers se ervarings met hulle te mag deel.

Gelukkig kon ek rapporteer dat ek nie teleurgestel was nie. Stellenbosch was alles wat die mense, toeriste, brosjures en andere gesê het dit is. Ook kon ek my verlustig in die skoonheid van die natuur waarmee hierdie ou dorp geseën is. Dit is egter hier waar daar 'n haakplek in my hart kom by die aanskoue van argelose inwoners en studente wat die sypaadjies en strate besoedel met rommel en kafee-afval.

Sonder om twee keer te dink word 'n lekkergoedpapiertjie by 'n motorvenster uitgegooi, sigaretstompies in 'n gebou se gang doodgetrap of piekniekoorblyfsels in die natuur agtergelaat. En dit gebeur terwyl ons bevoorreg is om in 'n onbeskryflik mooi omgewing te studeer en te werk.

Sien ons nog die "Hou Stellenbosch Skoon" op die asblikke wat die dorp volstaan? Dit het voorwaar tyd geword dat ons weer vir 'n slag ons oë open om dit, asook die natuurskat rondom ons, raak te sien. Dan alleen sal dit moontlik word om ons dorp opnuut te waardeer.

# Parkering Onderdak

**GEORGE CONRADIE, Oude Molen, skryf:**

NA aanleiding van die berigte in *Die Matie* (25 Julie 1980) oor die parkeerprobleme wat tans op die kampus ondervind word, wil ek graag hiermee 'n oplossing aan die hand doen.

Al wat Stellenbosch nodig het, is 'n parkeergarage, hetsy bogronds of ingesink onder die oppervlak. Ek weet dat dit na 'n gekskeer-plan lyk, maar as 'n mens die ontwikkeling van groot sentra nagaan, blyk dit die enigste oplossing te wees.

So 'n konstruksie behoort op 'n sentrale plek opgerig te word en die aard daarvan kan ooreenkom met parkeergarages in ander gebiede. Dit kom kortliks daarop neer dat sekere parkeervlakke gereserveer kan word deur motoreienaars wat maandeliks vooruit betaal en dus 'n vaste parkeerplek het. Ander motoriste wat die terrein gebruik, betaal 'n vasgestelde bedrag volgens die tydperk van parkering. Op hierdie manier kan in 'n parkeernood voorsien word.

# H. Francie Omgekrap

**Huiskomitee**
**Huis Francie van Zijl skryf:**

IN antwoord op die brief van 7 April 1980 van mnr. Hennie Roos, en in oorleg met my huiskomitee wil ek graag die volgende punte onder sy aandag bring:

1. Vermelde brief is ontvang op 13 Mei — 36 dae na datum van skrywe!!
2. Kennisgewing van spesiale Studente Parlement vergadering op 11 Maart — gedateer 3 Maart is ontvang op 14 Maart — 11 dae na datum van skrywe en 3 dae na die datum van die vergadering!!
3. Kennisgewing van die amptelike opening van die Studente Parlement op 25 Maart — gedateer 11 Maart is ontvang op 28 Maart — 17 dae na datum van skrywe en 3 dae na die datum van die opening!!
4. Kennisgewing van die Studente Parlement vergadering op 19 Mei — gedateer 6 Mei 1980. Hierdie kennisgewing is op 13 Mei ontvang, die inhandiging van mosies. Dit was dus Sperdatum vir ontmoontlik om op hierdie laat stadium enige mosies in te dien.
5. In 1979 was die kennisgewing van die Studente Parlement se eerste vergadering op 11 Oktober 1979 — gedateer 5 Oktober — ontvang op 12 Oktober — 7 dae na die datum van skrywe! en 1 dag na die datum van die vergadering.

Met bogenoemde feite in ag geneem voel ons dat u eers die redes vir die afwesigheid van Huis Francie van Zijl se verteenwoordigster op die Studente Parlement vergaderings moes vasstel alvorens u u oningeligtheid openbaar het en die ongegronde gevolgtrekkings gemaak het soos uiteengesit in u brief.

Dit wil derhalwe voorkom asof die apatie in werklikheid by Stellenbosch heers t.o.v. die vroegtydige uitstuur van kennisgewings van die vergaderings.

Wat betref u snedige aanmerking aangaande die keuse van toekomstige huiskomitees voel ons dat dit onvanpas en onverantwoordelik was vir 'n persoon in u posisie (?) en sal 'n verskoning aan my en my huiskomitee in hierdie verband waardeer word.

# Sakieman se griewe . . .

**Hier is snaakse dinge aan die gang op Stellenbosch. Die Groot Konformiste Beweging het sy ontstaan op hierdie kampus. Elke studenteskrywer wat sy hand aan die pen slaan, teken 'n karikatuur van 'n jollige student, bier in die hand, wat in monotoon met almal kommunikeer oor rugby, motors en meisies in volgorde van prioriteit. Daar heers 'n gees van "Vir Volk en Vaderland — Salut!" Vrydae langs die rugbyveld en die motto van "Dop vir jou koshuis" word as die gewensde gees in enige *gesonde* koshuis aangeprys. Elke koshuis het noodgedwonge sy karakters om die plek so 'n bietjie geur te gee — niemand kon nog dié aroma aan my beskryf nie. Nou wonder ek maar net of hierdie penlekkers 'n rare, onnatuurlike verskynsel beskryf, en of hulle as die druïde van die Pieke, Louw se Bosch en ander mistieke orakels optree vir die voorskrifte van model Piekemanne en Maties.**

**Maar dis nog maar net die boonste knoets van die moerbeiboom se wortel. Wanneer dit daarby kom om werklik hul lewens neer te lê en vir die ondersteuners om die Circus Maximus te betree . . . Heers daar 'n stilte soos bo-op die Pieke vroeg in die môre. Pieke hou HK-verkiesing!**

**Ma, dis dan wanneer daar so hol kol op jou maag ontstaan en die bitter gal van sinisme in jou keel opstoot. Groot lawaai en niks om op trots te wees nie. Ek verwonder my hoe so klomp kuikens wat nie eers die substrata van 'n groot organisasie op 'n verantwoordelike wyse kan verkies nie, hul vermetelheid verder kan voer om gaatjies te druk om 'n SR, wat nog te sê 'n landsregering, te kies. Prost! Op die onbetrokke Piekemanne.**

**Groete aan almal by die huis.**

**Sakieman**




**DIE briewe vir publikasie moet gerig word aan: Die Redakteur, Briewe, Die Matie, Langenhoven-studentesentrum, Stellenbosch, 7600. Briewe moet asseblief so bondig moontlik wees en moet die naam, die adres en die handtekening van die skrywer bevat, selfs al word 'n skuilnaam gebruik. Die identiteit van die skrywer in laasgenoemde geval word streng geheim gehou.**

# Queries Need Answers

**JIM SHAND, Stellenbosch, writes:**

DO those who participate in initiation really enjoy trying to make others suffer? I often wonder whether they themselves enjoyed being initiated. Surely the whole objective of the so-called "orientation" is not to build a barrier between first-years and seniors (sometimes JUNIORS in age), but to get students together so that a joint spirit could be built up.

### TEA-SPIRIT

The only spirit one can find at the University of Stellenbosch is (as it seems to me) situated in the administration-block during tea- and lunch-breaks . . .

# Toiletrantsoene skok

**BART NEL ('n veronregte), skryf:**

DIE jongste spaar-geld-in-'n-kits-foefie van die Admin het 'n sidderende gevoel deur my onderlyf veroorsaak. Verbeel jou: studente in koshuise word voortaan beperk tot één toiletrol per persoon per week! Gedurende die sewe maer jare mag dit nog werk, maar as die vet en oorvloedige jare jou beetkry, sal dit letterlik en figuurlik broekskeur met enige student gaan.

'n Mens kan natuurlik 'n uitruilskema beplan (die bloue pas baie beter by my watsenaam byvoorbeeld) of 'n noodspan kan van koshuis tot koshuis opereer (al ooit van 'n neus-in-die-lug-operasie gehoor?), maar 'n eina-eina parlementsitting is ons voorland indien niemand met 'n oplossing kom nie. Enige konstruktiewe voorstelle (miskien kan die Studente Parlement help . . .)?

Sterkte en opelyf!

Cobwebs

Juweliersware
Liebermann breekware
Mandjies
Afdrukke van tonele in die omgewing
Skulpe, kuriositeite, kerf- en kralewerk
Vinotique: Wynvate en Geelhout wynrakke




ONS BIRDSTRAAT-TAK IS NOU EEN VAN DIE MODERNSTE DRANKSUPERMARKTE IN DIE LAND!

**DAAR'S**
- 13 lugversorgers
- spesiale rakke en wye gange
- groot yskaste vir koue wyn, bier en koeldrank
- meer as 200 Kaapse wyne

WPK P9463/A

# Stellenbosch — Sy groot en klein mense

NA ses jaar besef ek al hoe meer wat 'n groot en besondere instelling Stellenbosch is. 'n Instelling wat in die verlede groot prestasies bereik en oorwinnings behaal het. Wat 'n voorreg is dit nie om op dié plek die eerste jare van jou volwasse lewe deur te bring waar jy daagliks dok. Craven en prof. Bun Booyens kan sien en deur hulle geïnspireer kan word nie! In die geskiedenis is daar leiers op verskillende gebiede gelewer wat die roem van hierdie Universiteit uitgebou het. Ek dink hier aan Dawie de Villiers, Jannie Engelbrecht en mense soos mnr. Vorster, dr. Erika Theron, prof. C.G.W. Schuman en andere. Hulle het altyd die beste en mees besondere kwaliteite verteenwoordig wat Stellenbosch opgelewer het. **Hul lewens het altyd vir my as hoë ideaal gedien.**

## BESONDERE LEIERS

Stellenbosch moet egter steeds daarin kan slaag om hierdie soort van waardige leiers en mense te lewer. En 'n mens kom agter dat hier rondom jou op pad klas toe, of op die ou Coetzenburgpawiljoen, of op die dansvloer, daar steeds sulke besondere jongmense en leiers is. Dit was dan ook dikwels my voorreg om van hierdie mense te ken. Ek dink aan manne soos Edwin Cameron, oud SR-lid, Jan de Wet, ons vorige SR-voorsitter, Tollie Oosthuizen, kaptein van die eerste rugbyspan en seker een van die mees beskaafde en besondere mense wat ek die voorreg gehad het om te leer ken.

## ONSEKER


Daar is nog andere van wie ek nie altyd hul politiek oortuigings ken nie of van wie ek skerp verskil, maar hulle kwaliteit van lewe is so hoog dat dit my aanhoudend verbaas. Onder hulle wat ek ontmoet het is John van Breda, Coenraad Pieterse, die huidige redakteur, Hennie Lötter, Bertie de Wet, Japie Pienaar, Hein Botha, die sirkusnar Van Rooyen Terblanche en die beskaafde primarius van Simonsberg, Monty Sahd. **En dan is daar natuurlik ook nog die goeie vriend Nick Koornhof wat vir sy medemense, dit sluit Wit en Swart in, meer sensitiwiteit aan die dag lê as baie van die sogenaamde "left-wings".** Oor die eenmansorkes en tamboermajoor van die "left", Chris Heymans, liewer nie nou enigiets nie.

## 'N ROL TE VERVUL

Ek het my rol as leier vervul met die oortuiging dat dit eerder om Stellenbosch en sy groot mense gaan as oor Frans Roelofse. **Elke mens het 'n rol om te vervul en ek glo ek moes my deel deeglik doen ander sou die instelling Stellenbosch my fynmaal soos hy wel met andere gedoen het.** Reeds van die begin was dit my eerlike hoop dat ek iets positiefs kon by dra tot Stellenbosch 'n Positiewe, blywende bydrae kan beslis nie wees om jouself te help nie, want 'n normale mens kan op die langste vier-vyf jaar op studentevlak as leier leef. **Dan is jy weg en val die EK plat onder die niemand van die wêreld daarbuite.**

## ROKIE OP DIE HORISON

En dan moet ek skielik op 'n dag in *Die Matie* lees hoe een van die kleiner figure op die horison 'n hele bladsy kan gebruik om my en Hilgard se poging tot bydrae, diens en leierskap te reduseer tot die kleinlikste en afskuwelikste hopie gemors, persoonlike hebsug en kleinlikheid. (Dit laat my onwillekeurig dink aan Anthony se vraag by Caesar se dood: "Has all thy conquests, triumphs, glories, spoils, shrunk to this little measure?")



HILGARD BELL
SR-VOORSITTER 1980



**Die eerste artikel in 'n reeks van vier aflewerings oor die afgelope paar jaar se studentebedrywighede geskryf deur mnr. Frans Roelofse (regs). Hiérdie artikel handel oor die kwaliteit mens wat op Stellenbosch aangetref word en die standaard wat Stellenbosch van sy leiers vereis. Mnr. Roelofse was die afgelope twee jaar onder-voorsitter van die Studenteraad. Hy het ook 'n leidende rol gespeel op verskeie ander terreine aan die Universiteit. Mnr. Roelofse is tans besig met sy LL.M.-graad en is vanjaar reeds as advokaat toegelaat tot die Kaaplandse Balie.**

Dit maak seer om dit voor jou te sien staan. Veral as jy weet Francois van der Merwe projekteer dalk sy eie frustrasie van verkiesingsmislukkings en verdoem partye wat hy nie eers genader het nie. **Ook baseer hy sy analise op gebroke premisses en voer sy redenasie na die pragtige klimaks met slegs die helfte van die inligting.** Hilgard Bell het my nog altyd met die uiterste hoflikheid behandel. Francois weet skynbaar ook nie van die private byeenkoms tussen my en Hilgard ná die verkiesing van die SR-voorsitter, waar ek aangebied het om te vergeet van dinge wat gedurende die SR-verkiesing gebeur het en waar ek in die teenwoordigheid van 'n getuie my steun aan hom toegesê het nie. Ek het dit gedoen omdat ek geglo het dit is soos beskaafde mense 'n saak opklaar. Hy weet ook heelwaarskynlik nie van die herhaalde kere wat Hilgard en sy vrou my uitgenooi het om by hulle te kom kuier nie — iets wat nooit gebeur het nie, omdat ek bloot destyds nie die geleentheid gebruik het nie. Ek en Hilgard was ongelukkig maar die spits van die ysberg. Met Heymans en Van der Merwe kan leiers nie altyd volledig besluit hoe 'n saak sal verloop nie. Maar die jongman (Van der Merwe) sal sekerlik nog insig verkry en dit is buitendien genoeg gesê oor hom — 'n man met besondere kwaliteite en besliste meriete.

## TOEKOMSROL

Ek glo dat die moderne universiteit 'n plek is waar veel meer as akademiese kwalifikasies behaal moet word. **Sy rol is om al meer en meer volledig gebalanseerde en ingeligte mense aan die gemeenskap te lewer om sodoende aan die geweldige vereistes en duiselingwekkende potensiaal van die moderne gemeenskap inhoud te gee.** In hierdie proses speel die studenteleiers 'n belangrike rol. Dit is ons taak om mense bewus te maak van die belangrikheid van 'n gebalanseerde lewe. Hiervoor moet ons die fasiliteite skep en die prikkels verskaf sodat mense sal deelneem aan verskillende aktiwiteite om hulself en die kwaliteit van hul menswees te verhoog. Ons het sedert 1978 toenemend hierin geslaag, veral wat politieke ingeligtheid betref. (Hieroor sal ek later meer sê, want ek glo dit lyk vreemd in die lig van vanjaar se gebeure.) Studenteleiers het ook daarin geslaag om op verbeeldingryke maniere administratiewe take te vervul en het vandag 'n beter begrip vir die belangrikheid van volgehoue prestasie deur die Maties op alle terreine.

## LEIERS

Gelukkig kon ek nou ook deel hê aan 'n ideaal wat my besonder na aan die hart lê — die ontwikkeling van leiers en hul kwaliteite. Die afgelope naweek het ons die eerste volwaardige leierskapseminaar vir 55 van die universiteit se mees uitnemende eerstejaarstudente gehad. Mag u hierdie mense in die volgende paar jaar die geleentheid gee om u te lei, want hulle sal dit met onderskeiding kan doen. **Ons gee in hierdie land te min aandag aan die verfyning van leierskapkwaliteite en die ondersteuning daarvan.**

## ONTWIKKELINGSPROSES

Ek hoop ons begin nou besef dat leiers ondersteun moet word en nie afgerem moet word nie. Net soos sportmanne die geleenthede gegun moet word om hul talente te verbeter en net soos mense met akademiese talente noodsaaklik is vir die volhou van die ontwikkelingsproses van die mens, is leiers niks anders as mense wat die geleentheid gegun moet word om hul talente te gebruik tot almal se beswil nie. **Hulle staan onder daardie verpligting, want as hulle dit ontduik, sal Stellenbosch maar genoeë moet neem om hom te laat lei deur volgelinge — tot almal se rampspoed.**


## STANDAARDE

Liewe leser, besef asseblief dat dit belangrik vir Stellenbosch met sy hoë standaarde is dat ons die beste leiers die nodige leefruimte sal gee. Hierdie mense moet egter voldoen aan die standaarde van ewewigtigheid, redelikheid en konsekwentheid soos wat in die verlede van leiers van hierdie universiteit verwag is. As 'n leier nie aan hierdie standaarde voldoen nie, sal die universiteit as verhewe instelling hom of haar verwoes. (Dit is die ware grootheid van Stellenbosch). **Ongelukkig is daar somtyds te veel van hierdie mense wat hulself as leiers beskou.**

## VORENTOE

My beskeie dank aan die groot mense van Stellenbosch saam met wie ek kon swot, sokkiejol, sing-song en leef. Dit is 'n blywende inspirasie en versekering vir die vreemder tye vorentoe. **Soos die reën in sy eindeloosheid sy spore laat waar dit dans en sing lê u spore oor my herinnering. (W.E.G. Louw)**

Vir Stellenbosch se klein mense wens ek 'n vroeë volwassenheid toe en 'n groot lewe.




**Nog iets van belang:** Om te sien hoe 'n Nedbank-tjekrekening jou kan help, kry 'n eksemplaar van ons boekie "Wat 'n Nedbank-tjekboek vir u kan doen". As jy ernstig is met jou spaargeld, onthou ons Spaardeposito-rekening gee jou rente bereken op daaglikse saldo.

GREY PHILLIPS BUNTON MUNDEL & BLAKE 64577

# PROJEK LEWER PROBLEME

VERSKEIE studente, wat die vakansie meegewerk het aan 'n ontspanningsprojek, het teenoor *Die Matie* gekla dat hulle probleme ondervind met die uitbetaling van hulle gelde. Een van die studente het ook baie onkoste aangegaan ten einde sy werk te kon doen.

Na aanleiding van die finansiële probleme van die studente, is dr. E.P.S. Taljaard, hoof van die projek, genader om te verduidelik wat die posisie is.

Volgens dr. Taljaard het tussen 50 en 60 Maties in die vakansie meegewerk aan die projek. Hierdie projek het vraelyste behels in verband met die ontspanningsgewoontes van Jan Publiek.

## LANDWYD

Die projek word landwyd georganiseer deur die Departement van Sport en Ontspanning. Dit is in die Witwatersrand geloods asook in Durban. Die hoof in Wes-Kaapland is dr. Taljaard. Hy het aan *Die Matie* verduidelik dat die inligting wat versamel is tot ons voordeel aangewend gaan word. Sodoende kan beter beplanning gedoen word vir die toekoms i.v.m. die ontspanningsbehoeftes van die bevolking.

Daar is ongeveer sesduisend vraelyste uitgestuur en die inligting moet nou verwerk word. Die verwerking en nasien daarvan duur ongelukkig lank. Dit word gedoen deur twee assistente. Hulle vorder teen 'n pas van slegs 13 vraelyste per uur en werkstyd is beperk, aldus dr. Taljaard.

## ELKEEN KRY DEEL

Studente wat die vraelyste laat invul het, is R1,70 per vraelys beloof. Die departement kan hulle eers betaal nadat die vraelyste klaar nagesien is. Studente wat baie gretig is om hul geld te ontvang, kan dr. Taljaard persoonlik kom spreek. Hy het *Die Matie* verseker dat elkeen sy deel sal kry wat hom toekom.

The Human Awareness Programme
an educational trust, working towards a non-racial society, requires the services of a

**Regional Co-ordinator**

**R8 400 p.a. plus attractive fringe benefits**

Candidates for this position must possess a Social Science degree and be fully bilingual. They should also be mature and have the ability to plan, motivate and co-ordinate in a team environment. Community work experience would be an advantage.
He/She will have responsibilities which will include for example: the planning and implementation of projects aimed at stimulating attitude and behavioural change; advising organisations on how to clarify and achieve objectives; and training others in the skills necessary for effective attitude change interventions.
This is an exciting opportunity for a concerned, dynamic individual to make a positive contribution within the evolving situation in South Africa today. It can also present an excellent opportunity on which to base post-graduate research.
Confidential applications should be made by post or telephone to: Marian Nell, Director,

HUMAN AWARENESS PROGRAMME
P.O. Box 3221, Johannesburg, 2000.
Telephone 39-6595/6.

## kuns - kalender

**US FILMVERENIGING om 19h00 in die Reitzsaal**

**4 Augustus:** American Friend
**6 Augustus:** The Long Search: Zulu Zion
**13 Augustus:** The Long Search: A Question of Balance
**20 Augustus:** The Long Search: West Meets East

**KONSERVATORIUM**

**Vrydag, 15 Augustus 20h00:** Jürgen Schwietering (viool) en Acama Fick (klavier)
**Sondag, 10 Augustus 20h15:** Manuel Escorcio (tenoor) en Hubert du Plessis (klavier)
**Sondag, 17 Augustus 20h15:** Studente van die Suid-Afrikaanse Musiekkollege (Universiteit van Kaapstad)
**Etensuurkonserte,** 13h15 tot 13h45 op Donderdae 7, 14 en 21 Augustus.

**CINE 1**

**Augustus 6—12: The Rose,** Bette Midler
**Augustus 9: I'm For the Hippos,** Bud Spencer
**Augustus 13—19: Chapter 2,** James Caan
**Augustus 18—19: Taxi Driver,** Jody Foster
**Augustus 20—23: Sing vir die Harlekyn,** Sonja Heroldt

**CINE 2**

**Augustus 6—9: Gemini** Sybil Coetzee
**Augustus 11—16: Little Miss Marker,** Julie Andrews
**Augustus 18—23: Bronco Billy,** Clint Eastwood

**NICO MALAN OPERAHUIS**

**4—9 Augustus:** Kruik — Jeugmusiekfees

**NICO MALAN TEATER**

**2—23 Augustus:** The Government Inspector

**BAXTER TEATER**

**9, 12, 13, 15, 16 Aug.:** Werther
**20 Aug—6 Sept.:** Middle Age Spread

**BAXTER STUDIO**

**7 Aug.—6 Sept.:** Oedipus

**TIKWERK**

Spesiale tarief vir studente.

45c per bladsy

Mev. C. Wiese
(021) 94-1504
Carinusstraat 4
Labiance

# *USAT IS VIR STUDENTE*

DIE MATIE wil die week die soeklig laat val op waarskynlik die bedrywigste kunsvereniging op Stellenbosch, USAT. Die vereniging bestaan reeds by die 20 jaar en gaan die afgelope tyd van krag tot krag.

### FRANS MARX

Sover nagespoor kon word, is USAT in 1962 gestig en het aanvanklik as die US Dramavereeniging bekend gestaan. Die eerste vergadering was op 21 Augustus 1962, en as voorsitter is mnr. Henderson gekies. Die ere-president was prof. Engelen en een van die lede was die nou bekende Frans Marx. **Op 30 Augustus is die naam amptelik verander na USAT — die Universiteit van Stellenbosch se Amateur Teater. Onder die eerste produksies was "Die Spieël" van W.A. de Klerk en "Hello out there!" van William Saroyen.**

### DRAMAFEES

Dit was eintlik in die sewentiger jare dat USAT begin het om beduidend te groei. **Die eintlike groot deurbraak het in 1975 gekom toe die jaarlikse "Interkoshuis Eenbedryf Dramakompetisie". geïnisieër is.** Dit het die gewone student betrek by teateraangeleenthede op Stellenbosch en elke jaar is daar 'n groeiende belangstelling te bespeur. Vanjaar was daar by die twintig inskrywings en die fees bied duidelik 'n vrugbare teelaarde vir studenteskrywers en -regisseurs.

### GRAHAMSTADSE KUNSFEES

USAT neem ook die afgelope drie jaar deel aan die Grahamstadse Kunsfees en het elke jaar hoë lof ontvang. **Dit is 'n buitengewone prestasie, aangesien dit die enigste amateur vereeniging is wat deelneem.**

### IDEES

Volgens die huidige voorsitter van USAT, Rolf Behrens, poog die vereniging om tot elke student te spreek. Die idee is nie 'n elite-groepie op die kampus nie: elke student is welkom om met idees vorendag te kom of programme te inisieër. As voorbeeld dien verlede jaar se hoogs geslaagde "Moulin Rouge".



*Die USAT-komitee vanjaar: agter, v.l.n.r.: Peter Edmunds, Japie Pienaar, Andrew Knight, Anél Oberholzer, David Persse. voor: Hermann Binge, Murray Bridgeman, Niel le Roux, Lisba Vosloo, Rolf Behrens (voors.) Afwesig: Davida Day, Ted Botha.*




*Nic Fine, baanbreker in 'n poging om USAT toeganklik vir meer studente te maak.*

**NAGGESPREK**

**(vir W.E.G. Louw)**

*toe ek om troos vannag, die voetpad*
*van jou verse weer versigtig vat,*
*sien ek, soos hy voor my was,*
*tussen bitterk'roo, kanniedood*
*en Sutherlandse skilpadgras*
*lewensgroot*
*die stofspoor van die dood:*

*die ryke dwaas, sy skat op skuur,*
*se siel word van hom afgeëis*
*'n onverwagse uur.*

*adam, deur sy maat verlei,*
*proe onskuldig in die paradys*
*die straf wat hom van haar moes skei.*

*jóú vensters — op een vrees gerig*
*vir altyd toegetrek, gedig.*

**23 April 1980**
**Willie van der Merwe**

# Hanneli Rupert beloof baie

HANNELI Rupert, outstudent van die Konservatorium vir Musiek van US het op 2 Augustus haar eerste konsert op Stellenbosch gehou met Hennie Joubert aan die klavier.

Sy het haar konsert in vyf dele ingedeel. Sy het begin met ses liedere van Schubert wat sy voortreflik vertolk het. Na pouse het sy drie liedere van Rosa Nepgen getoonset op gedigte van Van Wyk Louw, gesing. Die komponiste was ook teenwoordig en het 'n groot ovasie van die gehoor gekry.

### FRANSE BENADERING

Hanneli het vervolgens drie liedere van Duparc gevoelvol weergegee met die tipiese Franse benadering tot die lied. Trouens, haar styl van sing het 'n mens sterk herinner aan dié van Pierre Bernac onder wie sy studeer het. Sy het die aand afgesluit met vier liedere van Hugo Wolf wat hoë eise aan haar gestel het, maar wat sy uitstekend vertolk het.

### GEVOELVOLLE STEM

Hanneli het 'n gevoelvolle, diep sangstem. Haar asembeheer wat veral deur die liedere van Purcell getoets is, is uitstekend. Soms kom daar og iets kort by die diksie. Die sagte gedeeltes het ook nie almal ewe goed gedra nie. **Maar in haar het ons 'n opkomende ster wat op voortreflike wyse die lied interpreteer en uitvoer.** Suid-Afrika en Stellenbosch kan trots wees op haar. Ons gaan nog baie van haar hoor.

**PROF. F.C. FENSHAM**



*Hanneli Rupert, begaafde jong Stellenbosse sangeres*

# UNIVERSITEITSKOOR SKITTER OP TOER NA NOORDE



Dr. Johan de Villiers, dirigent van die Universiteitskoor.

DIE Universiteitskoor onder leiding van Johan de Villiers het in die afgelope wintervakansie 'n baie geslaagde konserttoer in die binneland onderneem waartydens die koor bestempel is as "waarskynlik ook een van die beste studentekore in die wêreld". (*Die Beeld* 2 Julie).

Die koor het Woensdag 18 Julie uit Stellenbosch vertrek en die eerste twee konserte was in Kimberley en Bloemfontein onderskeidelik. *Die Volksblad* (23 Julie) skryf oor die konsert in Bloemfontein: "Dit is met die heerlikste oorgawe en genot wat die van-hoek-tot-kant gevulde waarderende gehoor Saterdagaand . . . na die Stellenbosse Universiteitskoor van wêreldformaat wat met soveel gemak kan sing, kon luister "en sê verder die koor ". . . **wat met soveel professionele insig, integriteit, visie, artistieke style, intelligensie en musikaliteit sing, is voorwaar 'n trots vir ons land."**

### DRAKENSBERGE SEUNSKOOR

Dat die toer nie alleen harde werk en intense konsentrasie is nie, blyk uit die koor se genotvolle besoek aan Golden Gate na die konsert op Bethlehem. Op Ladysmith was dit heerlik om die Drakensbergse Seunskoor in die geesdriftige gehoor op te merk, veral omdat die twee kore verlede jaar saam in Israel aan die Zimriya-koorfees deelgeneem het. Ook in Durban kon die koor heerlik ontspan met 'n bootrit in die Durbanse hawe, besoeke aan die pretpark en die akwarium en 'n besigtiging van die bedrywige Indiërmark. Van die konsert in Durban skryf die *Natal Mercury* (30 Junie) dat die gehoor kon hoor, ". . . what must surely be one of the country's finest choirs". Van die konsert in die Pietermaritzburgse Stadsaal (met sy briljante akoestiek is dit beslis een van die beste konsertsale in die land) skryf die *Natal Witness* (30 Junie), ". . . **their versatility in widely differing styles is so good, that they could justly call themselves specialists in any period they chose."**

### TOONAANGEWENDE KOOR

Die toer is afgesluit met twee konserte in Pretoria en een in Johannesburg. Die Pretorianers het die Universiteitskoor gul ontvang en beide aande is die koor staande toegejuig. *Die Beeld* (2 Julie) sê van hierdie uitvoering: "Die goeie stemproduksie, asembeheer en diksie spreek van voortreflike, intensiewe afrigting in die plasing en beheer van die stem. Daarby is die stemmateriaal van die beste. Dat hierdie studente musikale besonder begaaf is, blyk uit die manier waarop van een toonaard na die ander en van een maatslag na die ander oorgeskakel word . . ." In Johannesburg het die Stellenbosse Boerewynmakery die koor vir middagete onthaal waarna daar in die koshuise van die Goudstadse Onderwyskollege gerus is — te midde van huiskomiteeverkiesings en rasende interkomstelsels! Van die laaste konsert op die toer skryf *Die Beeld* (3 Julie): **"Gisteraand het hierdie koor 'n uitvoering gelewer, wat as niks minder as briljant bestempel kan word nie."** *Die Vaderland* (3 Julie) reken: "Beter a capella (sic!) sang is moeilik denkbaar" en voeg daaraan toe: "Getrou aan die tradisie deur Philip McLachlan opgebou en danksy Johan de Villiers se uiters bekwame leiding, bly die koor steeds die toonaangewende koor in die land en kan dit selfs met die beste van oorsee vergelyk word."

### DURBANSE MANNEKOOR

Oral in die land is die Universiteitskoor baie vriendelik ontvang, veral deur die gasouers wat die koorlede van slaapplek voorsien het. Die dirigent, dr. Johan de Villiers, het in Durban die eer te beurt geval om genooi te word om 'n koorkursus aan te bied vir die bekende Durbanse Mannekoor van dr. Johan Pauw.



Die universiteitskoor, wat die afgelope wintervakansie 'n baie geslaagde toer onderneem het.



Jürgen Schwietering, wat op Vrydag 15 Augustus in die Konservatorium optree.

# Reënmaker verlig droogte

DIE Reënmaker van N. Richard Nash, soos vertaal deur André P. Brink. Met regisseur Louis van Niekerk en spelers JOhan Malherbe, Brümilda van Rensburg, Dawid van der Merwe, Neels Coetzee, Christo Potgieter, Marthinus Basson en Dawie Maritz. In die H.B. Thom opgevoer deur KRUIK.

'n Mens het al daaraan gewoond geraak dat KRUIK puik produksies lewer, en nou gaan 'n mens al met verskerpte verwagting toneel kyk, sodat dit inderdaad veel vra om nie teleurgesteld te wees nie. Met "Die Reënmaker" is daar, ten spyte van 'n paar struikelblokke, weer daarin geslaag om die teks in lewe te verander.

### LEWENSDROOGTE

Die plot draai om droogte: droogte op die plaas van die Coetzees van Kamieskroon en droogte in die lewe van Lizzie Coetzee, wat haar begin vereenselwig met die idee dat sy 'n oujongnooi gaan word. Haar broer Nico (Neels Coetzee) probeer die gesin soos die plaas bestuur om hulle die verdriet van verydelde drome te spaar. Haar vader NW (Dawid van der Merwe) probeer daarenteen om haar te laat glo dat sy nie ordinêr is nie. Lizzie (Brümilda van Rensburg) het sinnigheid in Fred, die konstabel (Marthinus Basson), maar hy is te eiewys.

Dan kom die boerebedrieër Bill Starbuck met sy fiktiewe naam en fantastiese storie daar aan en praat hulle om om hom toe te laat om vir hulle reën te maak. Maar hy leer hulle ook droom.

### OORDREWE SPEL

'n Mens onderskat die produksie aanvanklik, maar mettertyd lê hy sy greep so vas op jou dat jy dit nie kan loskry nie. Die aanvanklike struikelblokke lê waarskynlik in die ietwat oordrewe spel van Coetzee en Potgieter. Trouens nie een van die spelers bereik werklik groot hoogtes nie, hoewel Dawid van der Merwe naby kom.

Maar ten spyte hiervan, is die regisseur se hantering van die gegewe bo verdenking en slaag hy by uitstek daarin om met kru plaasmense pragtige dinge te sê. Johan Malherbe as Starbuck ontvoer 'n mens op so 'n wyse na die wêreld van sy droom, dat jy die aweregse logika daarvan maklik insien.

### PROE-AFRIKAANS

Die stel lyk teen dié tyd alte bekend, maar dit werk en is goed ingeklee tot 'n omgewing waarin die heerlike proe-Afrikaans van A.P. Brink se vertaling gemaklik pas.

**Net twee dinge het werklik gehinder. Dit was eerstens 'n klomp giggelende skoolmeisies wat telkens die atmosfeer bederf het en tweedens die leë sitplek langs my: baie meer mense behoort hulleself so te kom verryk.**

**FRIKKIE DE JAGER**

U.U.B. VIR AL U

★ Boeke
★ Skryfbehoeftes
★ Afrolwerk
★ Bindwerk

PLEINSTRAAT U.U.B.
STELLENBOSCH FOON 70337

**Die Matie**
Vrydag, 8 Augustus, 1980

# Verlig: 'n Rookskerm

**Dit is moontlik dat dit bloot as gevolg van beperkte insig 'n modegier is om Stellenbosch in die sg. stroomversnelling van liberalistiese idees te wil plaas. Het dit nie tyd geword om te besin of Stellenbosch werklik so verlig is as wat voorgegee word? Wie skep hierdie beeld wat ieder en elk so goedsmoeds loop en verkondig? Die geykte stelling dat ons noordelike analoë intellings so konserwatief en verkramp is, vind lankel reeds nie meer aanklank nie. Trouens, 'u Universiteit bestaan uit sy mense, en sy beeld word na buite uitgedra deur 5% van sy mense. Dit hang net af wie die leiding gekaap het vir 'n betrokke termyn. Ek gee baie beslis toe, Stellenbosch is die meer verligte Afrikaanse tersiêre instansie. Daar is ongelukkig 'n geneigheid om emosioneel te raak oor hierdie kwessie. Stellenbosch is in elk geval vasgevang in die wurggreep van apatie. Indien mens hierdie apatiese patologie sou ontleed moet jy beslis onder die indruk kom dat dit 'n bloeddorstige apatie is. Die mense soek bloed. Kies die leiers, vergeet dan van hulle totdat 'n persoonlike belang aangetas word, iemand uit oortuiging iets kwytraak, skiet af, en vergeet van die opvolgwerk. Stellenbosch is verlig in die mate dat wanneer handeling vereis word, sy verligtheid dan slegs 'n rookskerm word. Daarom is daar die totale afwesigheid van oortuigde verligte optrede. Die werklike verligte rol op Stellenbosch word gespeel deur die persone met geen of baie min party-politieke verbintenisse. Hierdie persone is uit oortuiging rasioneel verlig omdat so 'n persoon sy posisie op een of ander stadium in oënskou geneem het, en tot 'n slotsom gekom het. Baie min van hulle loop vandag rond op Stellenbosch. Hierteenoor speel die "silent majority" of te wel die grootliks apatiese massa sy rol as barometer van Stellenbosch se houding. Laasgenoemde is tradioneel party-polities verbonde en het nog bitter min die noodsaaklikheid ingesien om 'n eie posisie in heroorweging te neem. Slegs die toonaangewende figure uit hierdie groep kan met oortuiging die beginsels van hierdie tradisionele kultuur skets.**

**In 'n neutedop saamgevat moet die wel sigbare tekens van rasionele verligtheid gesien word as 'n evolusionêre proses en nie iets wat oornag op Stellenbosch agter 'n bos uitgekruip het nie.**

## "Nusasverligtheid"

**"Emosionele uitsprake pas geen universiteit wat daardie naam waardig is nie; afbrekende kritiek pas hom net so min. Opbouende denke waar die alternatiewe goed oorweeg is, en waar sin van onsin behoorlik gesif is, pas hom wel." Bg. is 'n aanhaling uit die toespraak van die Rektor gehou voor SAAK op 23 Julie 1980. Hy gaan verder, en sonder om voorskriftelik te wees maak hy die bewering dat die beginsels van gelyke geleenthede en gelykwaardigheid, lewend gehou moet word as ons nie die demokrasie wil ondermyn nie.**


### ONS ROL

**Waar pas ons as studente in binne hierdie breë verwysingsraamwerk en verwagtinge wat gestel word? Eerstens is daar geen magsbasis van waar ons kan opereer nie. Maar ten spyte daarvan sal dit baie gevaarlik wees om op eie houtjie 'n magsbasis te probeer skep. Andersyds is dit baie dwaas om 'n toekomsprojeksie, al kom dit van studente af, sondermeer te ignoreer. Daar is egter bepaalde voorbehoude, en een hiervan is om ten minste redelik en realisties te besin oor die huidige omstandighede voordat 'n uitspraak gemaak word. Dit is baie belangrik om tred te hou met die eise wat gestel word van, argumentsonthalwe, die owerheid af. Die waarskynlikheid om telkemale teen 'n muur van vooroordeel vas te loop, is nie uitgesluit nie. Om so-iets te vermy en daardie mate van noodsaaklike realisme te behou, moet 'n mens wegkom van die klassieke tipe van "Nusasverligtheid". "They criticize for the sake of criticism."**

**Dit moet baie beslis nie die basis vorm waarmee ons die toekoms wil tegemoet gaan nie. Maar, aan die anderkant moet kritiek wat wel deurdag gelewer word nie oor die hoof gesien word nie. Ons vorm, na alles, deel van 'n eenheid en is uitermate verantwoordelik om deur middel van kritiek 'n bydrae te lewer tot die toekoms. Geen suksesvolle instelling is verhewe bo kritiek nie.**

## REDAKSIE 1980

**HOOFREDAKTEUR:** COENRAAD PIETERSE, Eendrag (Tel. 3627); Redaksiekantoor; Langenhoven-sentrum 436 en 438 (Tel. 5979); Boodskappe: Sekretaresse, Studenteraadskantoor, LSS, (Tel. 70138).
**ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR:** IAN THERON, Silvertrees, Jan Cilliersstraat (Tel. 2122).
**ADVERTENSIEBESTUURDER:** PIETER VAN NIEKERK, Eendrag (Tel. 2136/5/7)
**AKTUELE REDAKTEUR:** KOBUS LOUW, Nassau 26, Pleinstraat (Tel. 70303).
**TAALREDAKTRISE:** RONËL LOUBSER, Viljoenshof 1, Pleinstraat 65 (Tel. 3008).
**NUUSREDAKTEUR:** INUS MARAIS, Eendrag (Tel. 2135/6/7).
**SPORTREDAKTEUR:** HARRY VAN DER WESTHUIZEN, Majuba (Tel. 2010, 2235/45).
**INTERUNIVERSITÊRE REDAKTEUR:** FRANCOIS DU BOIS, Eendrag (Tel. 2135/6/7).
**SOSIALE REDAKTEUR:** ELBERT UYS, Eendrag (Tel. 2135/6/7).
**KUNSREDAKTEUR:** JAPIE PIENAAR, Huis Visser (Tel. 2032/85/86).
**HOOFFOTOGRAAF:** K. SPAMER, Eendrag (Tel. 2135/6/7).
**SPOTPRENTTEKENAAR:** THOMAS TYLER, Huis Marais (Tel. 2234/87, 6500).
**HOOFVERSPREIDER:** NEIL MULLER, Toekoms, Jan Celliersstraat (Tel. 2323).
**SEKRETARESSE:** SANDRA VENTER, Mooi Annie, Victoriastraat (Tel. 6523).
**SUB-REDAKTEURS, NUUS:** DOLF LOUW, Buitekringweg 17 en RIAAN VAN WYK, Huis Marais.
**SUB-REDAKTEURS, SPORT:** ANTON TAUTÉ, Huis Marais en AT VAN RENSBURG, Sabo Sela.
**SUB-REDAKTEUR, INTERUNIVERSITÊR:** PIETER DU TOIT, Eendrag.
**SUB-REDAKTEUR, SOSIAAL:** KARIN POHL, Nemesia.
**SUB-REDAKTEUR, KUNS:** IM NAUDÉ, Aurora 405.
**NUUSVERSLAGGEWERS:** R. Engelbrecht, G. Uys, D.M. Jacobs, H. Smith, M. Clift, A. Oosthuizen, P. Pretorius.
**SPORTVERSLAGGEWERS:** P. Conradie, M. Stofberg, L. Jonker, H. Smit.
**INTERUNIVERSITÊRE VERSLAGGEWERS:** R. Wiid, E. Höll, J.F. Joubert, J. du Plessis, J. Kruger.
**SOSIALE VERSLAGGEWERS:** A.D. Keet, J. Mouton, L. Odendaal, P.J. Labuschagne, R. van Waardt, F. Schnetler.
**KUNSVERSLAGGEWERS:** F. de Jager, A. Els, H. van Niekerk, J. Allison.
**FOTOGRAWE:** T.; Alberts en F. Lütz.




*Baie dankie, maar vergeet maar van die Snitplekke – waar ish die kroeg?*

# Winde van verwarring op die kampus

**JOHANNES NORTIER**

'n UNIVERSITEIT is 'n plek waar 'n student nooit ledig mag wees nie. Die Universiteit van Stellenbosch is 'n besondere universiteit in die sin dat dit vir 'n Matie onmoontlik is om hier ledig te wees. Neem maar die afgelope twee weke en die volgende twee weke as voorbeeld.

Vanaf 28 tot 31 Julie word daar elke aand 'n Sing-Song-oefening gehou. Die weeklikse sportgebeure word die Vrydagmiddag, 1 Augustus, afgesluit met die koshuise se eerste rugbyspanne wat mekaar aanvat. Die Saterdagaand, 2 Augustus, is dit huisdanse en huisdinees wat hoogty vier. Op Sondag, 3 Augustus, neem Sendingweek in aanvang. Benewens die oggendbidure, middaguurbyeenkomste en aandbyeenkomste wat elke dag tot 10 Augustus plaasvind (Saterdag uitgesluit), kan Maties hulle leë tydjies bestee aan die besigtiging van die uitstallings in die Gat. Op Woensdag is daar nog 'n addisionele attraksie in die D.F. Malan Sentrum: "Die Groot Brag". Intussen oefen al die koshuise se sangfeeskore ywerig aan hulle lekker liedjies (elke middagete en saans na die sendingweekbyeenkoms), Saterdag, 9 Augustus, is dit intervarsity op Nuweland. Vroegdag sal busse en treine na Kaapstad vertrek vir 'n vrolike Vrydagaand. Saterdagnag sal moeë studente bedwaarts keer. Maar, helaas, die rus is van koste duur, want op 12 Augustus begin Fokus se Fotovaria en dit duur tot 17 Augustus. Verdere leë tydjies sal hier toegelaat word. Op 18 Augustus word 'n belangrike monstervergadering gehou en al die eerstejaars sal graag vir die eerste keer wil gaan stem. Op 21 en 22 Augustus vind Sangfees plaas en sal die nuwe verhoudings weer met groot gejuig gevier word. Tussen dit alles deur is daar nog sportoefeninge en wedstryde. Verder lê Huiskomitieverkiesings om die draai en die (noodsaaklike) pompery neem baie tyd in beslag (Kandidate en kiesers).

Hier teen 29 Augustus behoort alle Maties dus regtig moeg te wees. Maar jy hoef nie bekommerd te wees nie. Gedurende die langnaweek van 29 Augustus tot 1 September kan jy heerlik agtervoorsit en al jou sorge vergeet. Wanneer dit klasse dan op 2 September begin, het jy nog net drie weke oor voor die vakansie weer begin. Intussen kryjy jou toetspunte uit (van die toetse wat jy die vorige paar weke so tussen al jou ander bedrywighede ingedruk het). En skielik besef jy dat jy alles gedoen het behalwe een ding, naamlik dit waarvoor jy na Stellenbosch toe gekom het: om te studeer.

Ten slotte bly die Rektor en sy vriendelike administrasie wat soveel sosiale geleenthede toelaat waardeur die Maties hulle kan verryk, met die een vraag oor: Waarom is daar so baie druipelinge en hereksamens? Die antwoord is voor die hand liggend (uit bogenoemde op logiese wyse afleibaar). En hier teen die middel van Desember sit strepe ouers en nog strepe seuns en dogters by 'n wit papiertjie en vra hulself af: Was Sendingweek, Sangfees, intervarsity, fotovaria, huisdans ens. regtig nodig? En die prediker se woorde maal deur hul koppe. Dit is alles tevergeefs!!



*Volkskas lewer reeds die afgelope aantal jare 'n ruim bydrae tot die Eeufeestrustfonds van die Universiteit van Stellenbosch. Die bestuurder van Volkskas op Stellenbosch, mnr. F.J.J. Brand, het vroeër dié week weer 'n tjek vir R2 000 aan die rektor van die U.S., prof. M.J. de Vries, oorhandig. Hier is, van links af, prof. De Vries, mnr. Brand en die vise-rektor van die U.S., prof. J.W.R. de Villiers.*

## Studentepolitiek belangrik

# ELOFF STEL SAAK

MNR. Theuns Eloff, voormalige voorsitter van die ASB, het die kampus besoek om die saak te kom stel van 'n groep Afrikanerstudente wat voel dat die tyd ryp is vir die stigting van 'n veelrassige studente politieke organisasie. Mnr. Eloff het op 30 Julie voor SAAK opgetree.

Mnr. Eloffse groep sien die afwesigheid van 'n soortegelyke organisasie as een van die bestaansgronde vir die stigting van so 'n organisasie. Hulle is verder van mening dat politiek in Suid-Afrika op die huidige oomblik so belangrik is dat dit nie meer as 'n onderafdeling van kultuur bedryf kan word nie.

### KOERANTE

Om dié punt te illustreer het mnr. Eloff gesê dat as ander groepe na koerantberigte oor die ASB kyk, hulle iets vir die toekoms sien. As hulle egter sien dat die ASB byna 'n mosie aanneem dat 'n wit tuisland 'n oplossing vir Suid-Afrika se rassevragstuk is, vra hulle "waarheen gaan Suid-Afrika?" Dit sal egter nie beteken dat 'n student nie aan die ASB én die nuwe organisasie kan behoort nie.

### AKADEMIES

Die feit dat daar behalwe vir die mense in die Staatsleer min mense is wat aan akademiese oplossings vir Suid-Afrika se politieke probleme werk, word as nog 'n bestaansgrond vir sodanige organisasie beskou. Die organisasie sal ook poog om 'n polities oningeligte Suid-Afrikaanse gemeenskap in te lig oor die werklike politieke toestand in die land.

### KWALIFIKASIES

Op die huidige oomblik is die enigste spesifieke kwalifikasies vir lidmaatskap dat lede Christene en lojaal aan Suid-Afrika moet wees. Christenskap as kwalifikasie sal egter onderhandelbaar wees by die stigtingskongres wat vir later in die jaar beplan word.



*Mnr. Theuns Eloff, bekende studenteleier, tydens sy besoek aan Stellenbosch.*

# Regse Groep Bestaan nie in ASB — Visser



MANUS VISSER

MNR. Manus Visser, Voorsitter van die ASVS, is op die onlangse ASB-kongres te Potchefstroom as Addisionele Lid tot die Dagbestuur verkies. Dit is die eerste keer die afgelope twaalf jaar dat 'n Maie tot die ASB-Dagbestuur verkies is.

Mnr. Visser was lid van Stellenbosch se afvaardiging by die Kongres. Alle Afrikaanse universiteite asook geaffilieerde Kolleges het afgevaardigdes gestuur. Vanjaar was dit ook die eerste keer dat twee waarnemers van Inkatha die Kongres bygewoon en toegespreek het. Lede van NUSAS was egter nie teenwoordig nie.

### REGSE GROEP

Mnr. Visser het ontken dat daar 'n verregse groep binne die ASB bestaan. Lede van die Jeugtak van die HNP het wel die Kongres probeer opbreek, maar hulle was nie deel van die afgevaardigings nie. Enige ASB-lid kon die Kongres bywoon as waarnemer en was geregtig op spreekbeurte, maar kon nie stem nie.

### LINKSE GROEP

Volgens mnr. Visser het die sogenaamde "linkse groep" onder mnr. Jan-Louis du Plooy, SR-Voorsitter van Potchefstroom, sy ontstaan gehad nadat twee mosies van dié groep afgestem is.

### MOSIES

Eers is 'n mosie oor 'n menseregteakte in die grondwet van Suid-Afrika afgestem en die volgende dag is 'n mosie dat Swartes in die Presidentsraad moet dien, ook afgestem. Dié aand is pamflette by die deure uitgegee wat alle belangstellendes genooi het om hulle by die groep aan te sluit. Van die ongeveer driehonderd Kongresgangers het slegs nege hulle by die nege stigterslede aangesluit.

### ANTAGONISME


Daar was van die begin af 'n spontane antagonisme van die Kongresgangers jeens die groepie. Die lede het hulle gedistansieer van die wyse van optrede op die Kongres, aldus mnr. Visser.

### ELOFF

Mnr. Visser was verbaas oor die strekking van mnr. Theuns Eloff se toespraak verlede Woensdagaand. Dit was beslis meer gematig as sy aanvanklike optrede by die Kongres. Die posisie van die groep binne die ASB bly egter nog onduidelik tot tyd en wyl die Hoofbestuur vergader.

# Rektor: Stellenbosch is argitek van Politieke Verandering

STELLENBOSCH moet die bolwerk wees van gematigde denke wat oor kleur- en kultuurgrense heen sal reik en sodoende die argitek van verandering en nie die slaaf daarvan sal wees nie, het die Rektor, prof. M.J. de Vries, op 'n SAAK-vergadering van 23 Julie gesê.



Mnr Le Roi Steenkamp

is aangewys as Karnavalvoorsitter vir 1981. Le Roi is 'n inwoner van Dagbreek en was vanjaar onder andere die Trompoppie-bestuurder. Hy glo dat daar tydens karnaval 'n objektiewe balans gehandhaaf moet word tussen studentepret en die doel waarvoor die geld ingesamel word. Die ander lede van sy Uitvoerende Komitee is: Laetitia Greeff, Andrew Corbet, Pieter van Niekerk (al drie ondervoorsitters) en Erik van Tonder (Tesourier).

Prof. de Vries het gepraat oor Stellenbosch se rol in die toekoms van Suid-Afrika. Hy het gesê 'n gesamentlike aksie is in die Suid-Afrikaanse samelewing nodig met die motief "Suid-Afrika eerste" en met die doel om 'n gemeenskap te help bou waarin gelyke geleenthede en gelykheid verwerf kan word.

### OPLOSSINGS

Met hierdie opregte bedoeling met ons universiteit se dosente en studente in samewerking met leiers, dosente en studente uit ons verskillende bevolkingsgroepe moet die dringendste probleme van vandag en môre uitken en oplossings probeer vind.

### WEES WAKKER

"Ons (Stellenbosch) is deel van die R.S.A. en reeds daarom kan ons nie maar ons ore dig hou en ons oë toemaak vir die dinge wat in die Suid-Afrikaanse samelewing gebeur nie."

### GELYKE GELEENTHEDE

Die Universiteit van Stellenbosch kan 'n rol speel deur te besin oor hoe die beginsels van gelykwaardigheid en gelyke geleenthede op ordelike en strukturele wyse in die samelewing beslag kan kry. Prof. de Vries meen verder dat hierdie inrigting 'n bydrae te lewer het tot die natuurlike ontwikkeling van die vermoëns waaroor mense beskik sodat die gelykheid wat hulle kan verwerf, 'n praktiese moontlikheid kan word.

### OOPSTELLING

Die gedeeltelike voorgraadse oopstelling en totale nagraadse oopstelling van die Universiteit van Stellenbosch moet in hierdie lig gesien word. Die Universiteit moet hom nie oor die moontlike redes vir die agterstand van sommige bevolkingsgroepe verknies nie, maar moet eerder 'n oplossing vir die probleem soek.

### WEDERSYDSE BEGRIP

Prof. de Vries het die studente gevra of hul werklik die jong student aan UWK of Fort Hare ken en hul probleme en sienings verstaan. Dit is nodig dat 'n leer-ken-mekaar aksie opgebou word, stereotipe beelde afgebreek word en kontakgroepe uitgebou word.

### ROL TE SPEEL

"Stellenbosch het 'n rol te speel om ons jongmense tot beter wedersydse begrip te bring en daardie rol is grootliks in u as studente se hande." Prof. de Vries stel voor dat Stellenbosch die inisiatief neem en gesprekskampe reël tussen al die universiteite in die R.S.A. op die lees van *Die Stigting Studentedialoog*.

### STUDENTERAAD

Om sodanige kontak uit te bou is dit nodig dat Stellenbosch en sy interne struktuur daarvoor gereed sal wees. Die Rektor sê dit het mode geword om Studenterade af te skiet en dat polarisasieprosesse by die verkiesing moontlik daarvoor verantwoordelik is. Hy het vervolgens verwys na die voorstelle van die Studenteparlement in verband met verandering in die wyse van studenteraadsverkiesing. Prof. de Vries het verder gewaarsku dat Stellenbosch dit nie kan bekostig om lamgelê te word deur ontersaaklike interne verskille nie.

### SAMEWERKING

Stellenbosch het 'n rol om te vervul vir 'n toekoms van vrede en groei, maar dan moet ons almal daaraan meewerk. Slegs dan sal Stellenbosch 'n leidende krag in die Suid-Afrikaanse samelewing bly, aldus Prof. de Vries.



*DIE rektor, prof. Mike de Vries, aan die woord op 'n SAAK-vergadering verlede week.*

# BEURSE

AANSOEKE word ingewag vir die Rhodes-Studiebeurse wat nou weer in 1980 toegeken sal word. Die studiebeurse word vir twee tot drie jaar aan die Universiteit van Oxford toegeken. Die bedrag van elke studiebeurs is ongeveer £7000 per jaar.

Vyf studiebeurse is vanjaar beskikbaar gestel aan Suid-Afrika. Persone wat aansoek doen moet Suid-Afrikaanse, Britse, Botswana, Lesotho of Swazilandse burgers wees, ongetroud en tussen 19 jaar en 25 jaar oud. Voorsiening word gemaak waar kandidate nog militêre diensplig moet verrig. Kandidate moet op 1 Oktober 1981 reeds 21 maande aan enige Suid-Afrikaanse universiteit of ander universiteit studeer het. Kwalifikasies moet egter aanvaarbaar wees vir Oxford. Volledige inligting verskaf:
deur die Algemene Sekretaris van Rhodes-Studiebeurse in Suid-Afrika: Mnr. R.S. Welsh, Q.C., Posbus 41468, Craighall, Tvl. 2024.

# Kortnuus

• Weens onkunde oor die aanbieding van mediese sertifikate by afwesigheid het die Registraterur die volgende uitsluitsel gegee. By afwesigheid van klasse word siekte-sertifikate nie vereis nie, tensy die student meer as een week lank of by herhaling weens siekte van klasse afwesig is. By afwesigheid van eksamens, tutoriale, toetse en praktika word deurgaans siekte-sertifikate vereis.

### U.S. GESPREK

**• Die portefeuljeverslag van U.S. Gesprek is onlangs deur die voorsitter, Frans Rautenbach, vrygestel. Dié vereniging het weer vanjaar 'n aktiewe rol in studentepolitiek gespeel. Vroeër vanjaar is 'n voldagseminaar aangebied met prof. Degenaar en mnr Kallie Heydenrich as sprekers met as onderwerpe "Die Afrikaner se rol ten opsigte van Rassepolarisasie" en die "Ontugwet". Later het dr. Worrall 'n aandseminaar aangebied oor die rol van die Afrikaner-akademikus t.o.v. politieke verandering. Michiel le Roux het ook 'n gespreksgroep oor "Vrye Onderneming" toegelig. 'n Verdere seminaar word in die termyn beoog oor "Die Toekoms van Afrikaans".**

• Die Rektor het onlangs die stigting van 'n dokumente-sentrum vir Afrikaanse kultuurmateriaal aangekondig. Dié sentrum, wat tans onder die Universiteitsbibliotekaris se leiding staan, sal 'n navorsingseenheid wees, veral toegespits op dokumentasie uit die Wes-Kaap. Die sentrum sal in die Carnegie-biblioteek gehuisves word en sal aansluit by ander dokument-versamelings en Africana reeds in besit van die Universiteit.

### GESONDHEIDSWEEK

**• Die Wes-Kaapse Tak van die Tandheelkundige vereniging hou gedurende Gesondheidsweek (18-22 Augustus) 'n tandheelkundige uitstalling in die Studentegesondheidsdiens se gebou in Claassenstraat. Almal word vriendelik uitgenooi 'om die uitstalling by te woon.**

• Drie gedenkbeurse word aangebied aan gegradueerdes van Suid-Afrikaanse universiteite vir verdere studie aan die Universiteite van Oxford, Cambridge en Londen. Die beurse bedra tussen R1200 en R2500. Verdere besonderhede is verkrygbaar van DIE SEKRETARIS, GEDENKBEURSE, POSBUS 1714, BLOEMFONTEIN, 9300.

### BESOEKE

**• Mnr. J.P. due Plessis, dosent in Toegepaste Wiskunde, is uitgenooi om 'n referaat oor sy navorsing in numeriese vloeimeganika voor die International Conferance on Numerical Methods for Nonlinear Problems (30 September tot 3 Oktober) in Swansea, Brittanje te lewer.**

• Prof. Roy Cleve van Kalifornië tree tans as besoekende dosent by die Nagraadse Bestuurskool op. Sy lesings is veral toegespits op strategiese mannekrag.

### ONTSPANNING

**• 'n Ontspanningsvereniging vir Personeellede het onlangs tot stand gekom, veral om te reël dat sekere fasiliteite op vasgestelde tye vir die uitsluitlike gebruik van personeellede en hul eggenote bedoel is. Lidmaatskap is oop vir alle lede van die Universiteitspersoneel en hul eggenote en registrasie kan by Wilhelms Sport gedoen word.**

• Op 16 Augustus vind die jaarlikse Blaasorkesfees in die D.F. Malan-sentrum plaas. Dit sal die vorm aanneem van 'n Promenade-konsert in die middag afgesluit met 'n massa-orkes-optrede en 'n aanduitvoering met o.a. 'n konsert-optrede deur die Vlootorkes. Verskeie orkeste sal by dié geleentheid optree. Kaartjies beskikbaar by Teaterbesprekings, Studio 7 en Cameo.

### NAVORSING

**• 'n Navorsingsliggaam, Die Instituut vir Toegepaste Rekenaarwetenskap, is op 1 Julie by die Universiteit ingestel. Dit sal in besonder navorsingsprojekte onderneem i.v.m rekenaars en die toepassing van rekenaarstelsels.**

# perspektiewe en dinge

*DAMES en Here, vergun my om u voor te stel aan Bertie Bertenbach, die maer student met die swartkoppies op sy neus en voorkop; hy is vroom (was lank 'n Sondagskoolonderwyser) en stut en hamer sy benerige skedel om vir u 'n visioen te fabriseer — soos byvoorbeeld:*

"Ek (u gee mos nie om vir 'n persoonlike aanslag nie, of hoe?) het Stellenbosch drie jaar gelede binnegery in my pa se 1974-kombi (daar is altyd gehoop op 'n groter kroos, maar helaas, ek was die énigste verwagting). By die hels-hoë koshuis het my pa my gehelp met die aflaai van 'n helderrooi sagteflap kleretas, drie kartondose (met losgoed: bedlamp, haardroër, draagbare radio, ens., ens.) en 'n verskeidenheid krakerige kettingwinkeldrasakke waarin 'n klompie van my ma se uitsoek bak-en-braai-pogings verskuil was. In die hyser het my ma trek-trek aan die pante van haar krimpelienrokkie gevat en 'n aantal moete en moenies tot my gerig. Die ontmoeting met my toekomstige kamermaat het selfs 'n politieke draai gemaak (dit het byna 'n vonk in Pa se kruithoring laat ontvlam), waarna my ouers eindelik koers gekry het na ons tuiste in die deep-platteland. Vir die eerste keer in agttien jaar was ek alleen.

### TRADISIE

"Gedurende die eerste jaar het ek die Bertenbachs se naam mooi onder die heilige kleed van tradisie en lojaliteit bewaar: getrou gestudeer (B.A.-tale met Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde as byvak), gereeld die debatsbyeenkomste bygewoon, weggekyk as ander studente van Tollies of die Dros praat, dames altyd met die nodige respek behandel en weggeloop wanneer mense die Here se naam ydelik sou gebruik. Vir my was daar altyd te min lug in die studentekerk en die slaap het my gewoonlik ingehaal op die harde banke (dis 'n sonde om in die huis van die Here te slaap, het Ma gesê), maar my aktiewe deelname aan die A.C.S.V. het darem vir daardie mistastinkie vergoed (altans, so het ek geglo).

**ian theron**

"In hierdie vleklose lewenswyse het ek myself tuis gevoel. **Die beperktheid van my uitkyk op die wêreld het hierin sekuriteit en veiligheid gesien. Rustig en tevrede het ek deel geword van Matiewees en dit was nooit nodig om verder te kyk as die bord kos op die tafel of die boek op die lessenaar nie . . .**

"Mettertyd is my insig en visie verbreed. 'n SAAK-spreker het Kruispad se krotte tot in die onderste saal van die Wilcocks gebring, 'n PFP-persoonlikheid het vinger-in-die-lug gewaarsku: 'SEPARATE, oh yes, but show me the so-called DEVELOPMENT!?', die woordletters ASB en NUSAS op plakkate het om verduideliking geroep en les bes het my pa se held onder die landsvlag in die D.F. Malan-gedenksentrum gestaan en my kamermaat met 'n gebalde vuis aangespreek as '. . . hoor hier, klein mannetjie . . .' — dit alles was te veel vir my beperkte gedagtegang. Boonop het 'n brief in *Die Matie* 'n aanval geloods op die 'apatiese studentegemeenskap' en het dit my geïnspireer tot groter dade.

### AKTIEF

"Ek het begin woel en werskaf. My begeersterde kamermaat het my aan die regte mense voorgestel en ek kon daarpaar noemenswaardige komitees verkies te word (ter wille van die goeie bedoelings van onse rubriek word die betrokke komitees en kontakte liewer verswyg). **Toutjies is getrek, 'n baie goeie vriend van my kamermaat se suster het 'n beleid help konstrueer en 'n program van beginsels is in pamfletvorm aan die massas uitgedeel tydens die wisseling van klasse.** 'n Verkiesing (ekskuus: Die Verkiesing) was ophande wat gepaard gegaan het met toesprake, koshuisbesoeke, toesprake, spesiale verkiesingsuitgawe van *Die Matie*, toesprake, die neem van foto's en toesprake. D-dag het aangebreek: die room van Stellenbosch (asook al wat 'n pleb is) trek joviaal saam in die Coetzenburgse Tempel. 'n Snelle verwisseling van vrae en antwoorde het gevolg, emosionele opwellings het plek-plek die rondte gedoen en 'n tamatie het 'n kandidaat se witgestyselde hempskraag bevlek (iemand het vroeër die aand gebid en gevra vir 'n kalmte van gees . . .')

"Stembusse, ponskaarte, kiesers en kandidate. Hokus pokus, hi presto: Meneer die Kandidaat — dit was ek! 'n Drukkie (asof ek nie toe al genoeg gedruk was nie) deur 'n hubare skoonheid en liewe vriende (o wee die skynheiliges) wat vir my wuif op pad kantoor toe. En voor my deur het 'n termyn van aksie gelê.

### ZERO-PUNT

"Dit is hier waar my plattelandse aardsheid teen my begin tel het. Etiese reëls en takt was 'n zero-punt tydens my opvoeding. Dit kon gevolglik ook nie tot uiting kom in my nuwe (geskepte) posisie nie. Ek het begin kleitrap waar ek graag sou wou stof opskop. Kort voor lank was ek met my rug teen die muur. **Van my kontakte was daar tóe geen sprake meer nie — hulle het soos aasvoëls op my toegesak om stukke rou vleis uit my liggaam te skeur. Bertie Bertenbach moes voor die studente-unie verantwoording doen en hy kon nie. Hy is geweeg en te lig bevind.**

"Dit het sukkel gekos om weer op te staan. **Stellenbosch was terselfdertyd 'n ontnugtering én 'n oogoopmaker.** Met gradedag se afloop het my pa my gehelp met die oplaai van 'n dowwerooi sagteflap kleretas en 'n kartondoos vol tweedehandse boeke (my geleerdheid). Mamma Bertenbach (uitgedos in bypassende laailek) het opgewonde rondgekloek, maar dit was haar seun wat leeg en gestroop 'n voet na die dag van môre moes uitsteek."

*Kyk hy is skadeloos, wees hom tog genadig.*

# Fred Pfaff writes...

THE day looked quite chilly. Fred had just woken up and the winter sun shone shyly through his window. It was warm in the sheltered little room, but it was cold behind the window, or was it 'in front of the window'? (Fred sometimes lost track of where he fitted into the greater context, you see.) Anyway, outside the chilliness could be measured by the quivering of all the small branches and leaves. Fred dressed warmly.

Before he left the building where he lives to proceed on his usual Saturday morning shopping, he looked out of his window. Beyond the massive oak tree Fred could see the mountain that bordered the one side of the pretty town. For the first time he noticed the unusually smooth curving outline of the mountain. And just where it started to descend there was a solitary tree. It looked so small and seemed all the more minute placed alone on a stark and overbearing mountain. Yet the mountain, for all its naked beauty, seemed unreal. Placed below a powder-blue sky, it seemed to take up a very small part of the startling picture. But that's all it was, Fred thought — a picture. Just as unreal. The tree was the only piece that didn't fit and it strained the ineffective beauty. The tree was what drew Fred's attention.

(Come on, Fred!) Fred snapped out of his mindless meanderings and locked his room. Off, down the stairs, he made his way to the shop, hoping to get there before the weekend rush.

Turning the corner into the town's main square, Fred saw a large group of people standing in a tight circle. There was obviously some attraction in their midst. Fred ignored the crowd as he strolled past the shop windows, each time seeing the reflection of the group on the grass.

No longer able to control his indulgent curiosity, Fred made his way over to the quiet gathering. Some at the back were craning their necks. Fred brought over a rubbish bin that was standing next to the statue of the man who had lent his name to their town only a few centuries previously. Fred climbed onto the bin and saw, standing in the middle of the crowd, a naked man holding above his head a placard on which was written one word — THINK.

The man looked no different from the rest, but for his lack of apparel. He did not smile. He was earnest about it all. Fred could see someone close to the man ask him a question. The naked man waited a moment and then replied. The questioner smiled and took off his greatcoat and placed it on the naked man's shoulders. He nodded in thanks.

Fred noticed up front a middle-aged woman with a child gripping onto her coat. The mother was gaping at the man in the centre, the child was looking everywhere. Fred wondered what the child was taking in — the word, the man, or the situation. (The man's placard had already started working on Fred, you see.)

Someone next to the woman whispered in her ear and she looked shocked. She grabbed her child and, with the proudest disdain, exited from the group. Fred saw her making her way across to a policeman, talking vociferously and pointing in the general direction of the crowd. Fred climbed down from his perch and pushed through to the front. He wanted to ask the man what it was he wanted to prove.

Just then a whistle blew and through the silent people came a man in blue who looked like a policeman. He had a fat stomach, Fred noticed. Looking down the path that the man had made, Fred saw the woman making her way in the opposite direction. Her child had fallen down behind her and she hadn't even noticed.

"You!" the policeman pointed at the man in the greatcoat, "you're under arrest.' Everyone remained quiet. The fat man took him by the arm and started leading him through the people. Fred stepped in front of them.

"But what has he done?"

"Look, mister,"his stomach shook, "This nut is not publicly exposable."

Fred wanted to laugh in the pudgy face. "But he's wearing something."

"Well," the policeman hesitated, "he was publicly inexposable." And he pulled the man in the greatcoat after him.

"What's your name," Fred shouted after him.


"It's not important." And he threw his placard to Fred.

That night, as the moonlight shone on the mountain, Fred thought of the day past:

'Like the tree on a mountain.
Like the man in a world.'

Michael

# Ou Wyn in Nuwe Vate . . .



DAAR is al gesê: "In die dou van die klein dingetjies vind die hart sy môrestond en word verfris".

Hoe waar is dit nie, want wát verfris die moeë hart meer as 'n klein woordjie of daad van bemoediging? 'n Mens vergeet so maklik dat die klein dingetjies baie keer olie vir die lewensratte kan wees. Soms word daar so lank stilgestaan by die eie eer en roem dat die "kleinighede" in die lewe maklik agterweë gelaat word.

Die mens is dikwels onverdraagsaam met die klein bietjie wat voor sy eie deur te vinde is. In die soektog na groter en belangriker dinge word die skitterglans van die klein lewensdingetjies maklik misgekyk.

God is die groot Wewer en Hy merk die raam af waarop elkeen sy eie patroon moet uitborduur. Met 'n bietjie andersheid kan 'n mens jou eie bydrae se kleur verhoog sodat dit moontlik deur die Wewer verhef kan word tot 'n ereplek in Sy patroon.

Ons moet met die klein dingetjies kan saamleef sodat dit ons gees kan slyp tot nederigheid. Wanneer die oes van ons lewens eendag ingesamel word, sal dit goed wees om te onthou dat ons (wat maar net 'n korreltjie sand was) gehelp het om stewigheid te gee aan die voet van die Groot Insamelaar.

L. DE WET

# Die Handelinge van G.A. Thoonissen

U, my liewe, liewe leser, sal die opspraakwekkende onthulling wat Gotlieb Antonie Thoonissen sommer met sy intrap in die Vergadering gemaak het, wel goed onthou. Onwaarskynlik is dit egter dat Gotlieb A kon voorsien watter monumentale/openbarende/beslissende uitwerking sy vier monosillabetjies op sy verdere vertoewing in die Vergadering sou hê.

Want Gotlieb het skaars gaan sit of een helfte van 'n deurgeskeurde tissue word oor sy skouer vir hom aangegee. En 'n hart met 'n pyl daardeur daarop geteken.

### ORANJEBLANJEBLOU

Intussen het die erg verstrooide brakel, professor Van Voorsitter, meteens onthou van die vorige vergadering se notule en val sommer weg èn in die rede van die AVB-lid (Assosiasie vir Voortrekkers en Boy Scouts) wat dit het oor oranjeblanjeblou gordyne vir die vergadersaal. Instinktief gedetermineerd om nie deur die voorsitter in die wiele gery te word nie, verhef die lid sy ietwat skerpe stem so effe. Die professor teem ongestoord/onvermoeid/oningelig voort.

Verruk verluister Gotlieb A hom aan die stereofoniese betoog: Die kleure van ons so geliefde landsvlag was sonder verskoning afwesig van die vorige Vergadering en moet daarom dien as simbool van die nasionale inslag van hierdie byeenkoms wat na die opening met gebed deur die agenda by Kaapstadse gordynmakers van some voorsien is en 'n kostelose daaropvolgende punt op die ordelys en die AVB dames en voorstelle, is uitgesluit . . .

### EK SPEEL NET SNÊP

Van links stamp iemand die gefassineerde Gotlieb aan die elmboog. Ou pêl speel jy saam, en die blou pakkie met die fietse agterop word behendig in vier hopies verdeel. Gotlieb sien daar word vir hom ook gedeel. Eigentlik, sê hy, bietjie verleë, eigentlik speel ek net snêp. Sorrie. Die deler kyk na sy maters, krul sy pienk onderlip dat sy goue bo-tand wys en draai sy kaarte fiets-bo, skil die boonste een af en sit dit gesig bo-op die tafel. Die sirkel voltooi hom by Gotlieb. Om en om woed die spel. Die hopie in die middel word al hoër. Tot Gotlieb se laaste kaart op die diamantjood omkeer. SNÊP skrou Gotlieb selfverseker/oorverdowend/triomfantlik. Ongelowig staar hy na die boonste kaart. Dis die spades-twee. Nee, sê Gotlieb platgeslaan, nee ek verstaan dit nie.

Daarom moet almal die saak steun, konkludeer die AVB-lid, reeds skreeuend, en val uitgemergel in sy stoel neer. Daarom is die voorstel eenparig afgekeur, kwaak die professor en slaan die notuleboek toe.

### BUITE STEMMING

Gotlieb leun met sy kop tussen sy hande. Daar word gestem oor die gordyne. Iemand skop hom op die skeen. Moerig kyk hy op. Nee, sug hy, amper berustend, ek verstaan dit nie. Jy moet stem, sê iemand van regs en wys om sy hand op te steek. Maar so maklik vang niemand Gotlieb A. Thoonissen nie. Steeds koersvas besluit hy om sy identiteit as Christelik-nasionale Afrikaner nie te laat verwater nie. Hy bly dus buite stemming.

Toe die vergadersaal na die afsluiting leegloop, sê hy vir niemand in die besonder nie, weejy, sê hy, weejy ek verstaan dit nie. Vier, ja vier hande vol en nie eens twee wat eenders is nie.

Die frons op die omvangryke voorkop van die GOMLASTIEKGOGGA verdiep toe hy 'n streep onder sy voltooide aantekeninge trek. Dan, asof vir 'n nagedagte, skribbel hy onder aan die notas: Jack of Diamonds is a hard card to find.)

**BAREND VOS**

# *Sangfeestyd!*

KAPIT-YT, dis Sangfeestyd! Alhoewel Sangfees vanjaar reeds in die laaste week van Augustus plaasvind, beloof dit om die lente op 'n hoë noot in te lui.

Soos in die verlede, vind die fees vanjaar weer in die stadsaal plaas. Altesame dertien kore en verskeie soliste sal vanjaar wys wat in hulle steek. Elke koor sal sowat twaalf minute kry om sy ding te doen, en as 'n mening op grond van die oefeninge tot dusver gewaag kan word, lyk dit of vanjaar se fees sy gelyke nie maklik sal hê nie.

Sangfees word vanjaar aan die gewilde dirigent van die Universiteitskoor, dr. Johan de Villiers en sy vrou, mev. Louwina de Villiers opgedra. Die gaskoor wat op die laaste aand sal optree is dië Kweekskoolkoor onder leiding van Louis Heyneman.

Dié fees is reeds sedert die dertigejare 'n instelling. Stellenbosch was die eerste universiteit wat so iets aangebied het en sedertdien het verskeie ander kampusse in sy voetspore gevolg. Die belangstelling neem elke jaar toe en vanjaar se fees kan sal sekerlik nie 'n uitsondering wees nie.

Vanjaar se Sangfees vind op 19, 20 en 21 Augustus plaas. Omdat al drie aande weeksaande is, het die organiseerders by die Universiteitsadministrasie om laatverlof vir al die dames wat deelneem, aansoek gedoen. Ekstra vergunning is vir die laaste aand gevra, sodat die tradisie dat al die kore na afloop van die verrigtinge in die strate sing, nie vanjaar skipbreuk sal ly nie.

Die uitvoerings begin elke aand om 7.30. Verversings sal by die stadsaal te koop aangebied word. Daar sal ook plaatopnames van vorige jare se uitvoerings beskikbaar wees. Kaartjies vir die fees is van môre af beskikbaar by die Saambou-Nasionale Bouvereniging, teen R2,00 vir volwassenes en R1,50 vir Studente en skoliere.





# MEJ. KAMPUS ?

ANENE HUMAN is 'n naam wat 'n mens onwillekeurig koppel aan die van mej. Matieland '80, 'n naam en gesig wat sekerlik welbekend is aan die Universiteit van Stellenbosch.

Anene is in die Paarl gebore, het as kind hier opgegroei en haar Laer- en Hoërskoolloopbane hier suksesvol voltooi. Daarna het sy haarself as 'n eerstejaar B-prim student in Nemesia aangemeld en sodoende ook 'n volbloed Matie geword. Anene beoefen sport, hoewel nie op kompeterende vlak nie.

**PORTEFEULJE**

In haar derde jaar is sy tot huiskomlid verkies en skoonheidskompetisies was een van haar subportefeuljes. Tot nou toe het Anene haar weinig gesteur aan enige kompetisie van die aard, maar 'n oplettende Eendrag-verteenwoordiger het haar oorreed om self ook in te skryf vir die mej. Matieland kompetisie van 1980.

Nooit het sy kon droom dat sy haar finale jaar as mej. Matieland sou voltooi nie!

Die wyse besluit van Anene het haar nog geen oomblik berou nie en sy vervul al haar verpligtinge met groot genot, wat tot dusver bestaan het uit promosie- en modelwerk, sowel as die bywoning van vele etes by talle manskoshuise. Haar belangrikste taak lê egter om die draai: sy moet Stellenbosch op die mej. Kampus kompetisie op 13-15 Augustus verteenwoordig. Anene het gemengde gevoelens oor die groot vooruitsig, maar beloof om haar beste te gee vir Matieland!

**TOEKOMS**

Sy sal volgende jaar die Laerskool onderwys aandruf, maar gaan beslis een vakansie in die buiteland rondtoer . . . met of sonder die trekpleister.

Alhoewel dit somtyds baie dol gegaan het, is Anene dankbaar vir die jaar wat sy as mej. Matieland kon optree. Sy is baie voorregte gegun en het van al die geleenthede sorgvuldig gebruik gemaak.

**STERKTE**

**Al die studente van Stellenbosch wil Die Matie Anene net baie sterkte toewens vir die mej. Kampus kompetisie wat eersdaags sal plaasvind!**

## *REPUBLIEKWORDING*

# Helderberg vier fees

SEDERT 1945 het Helderberg al sy plekkie op die Akker gehad — eers net een gebou, maar later het uitbreidings gevolg totdat daar vandag met trots teruggekyk kan word na 35 jaar se harde arbeid. 1957 was 'n groot jaar vir die koshuis, want op die 25ste Augustus van daardie jaar verklaar Helderberg sy onafhanklikheid om die eerste Republiek op Stellenbosch te word.

Afgesien van die feit dat Helderberg die enigste koshuis op Stellenbosch is wat self 'n muurbalbaan laat bou het en 'n eie ontspanningsterrein langs die Eersterivier het, het hierdie koshuis ook reeds 'n aantal groot persoonlikhede opgelewer. Die huidige vise-rektor, Prof. J.W.R. de Villiers, Prof. A. van Wyk van die Regsfakulteit, Hennie Aucamp, James Stark en Hennie Vos is van die groot geeste wat help bou het aan die tradisie en karakter van die koshuis.

**KOMPETISIE**

Soos die gebruik elke jaar is, is dit binnekort weer tyd vir Republiekfees (hierdie jaar die 23ste) beginnende reeds op Maandag 11de Augustus. Gedurende die daaropvolgende week kompeteer huislede onderling in verskillende sportsoorte wat wissel van gholf, toutrek en rugby tot pyprook en eiergooi. Die hoogtepunt is op Saterdag 16 Augustus wanneer 'n Super sportvrou-kompetisie vanaf 08h00 op Coetzenburg aangebied word. Dieselfde aand word die Republiek se huisdans ook gehou.

**PYLTJIES**

Afgesien van die Supersportvroukompetisie, word die res van die kampus verder betrek deur 'n interkoshuis veerpyltjie-toernooi wat ook tydens die Republiekfees aangebied word. Die feesweek word op Sondag 17 Augustus afgesluit met 'n koshuiskerk saam met 'n dameskoshuis.

## *Intervarsity "Special"*

OORMÔRE is dit weer die groot uittog na Kaapstad en meer in die besonder na Nuweland. Groot gees gaan gevang word en nog groter geeste kan dalk val.

Net die regte ding om die spokie sommer vroeg al raak te loop, is die "Intervarsity Special" wat Saterdag-oggend na Nuweland vertrek. Hierdie nuwigheid is spesiaal vir dié studente gereël wat as 'n groep na die slagveld wil optrek, en boonop die vervoerprobleem wil oorbrug.

Die trein vertrek vanaf Stellenbosch om 10h37, stop op Bellville en Tygerberg om mediese studente op te laai, en kom op Nuweland aan teen 11h45. Ná die wedstryd vertrek die trein om 17h40 en kom op Matieland aan teen ongeveer 18h45 nadat hy weer Bellville en Tygerberg aangedoen het.

Die kaartjies is R1,90 retoer en verkrygbaar by Wilhelms, die Drostdy-hotel en die Intervarsity-komitee.

Die trompoppies sal die sowat 800 vrolike reisigers vergesel.

*************

Saterdagaand is daar die grootste sokkie wat Stellenbosch nog ooit beleef het. Die boonste deel van die Sentrum gaan vir dié doel gebruik word. Sien julle daar.

**************

Daar sal baie streng opgetree word teen oortreders op en om die veld, aldus die Intervarsity-komitee.

**************

**Ons het nou net 'n laatberig ontvang — die Ikeys het besluit om te onttrek van vanjaar se Intervarsity. Hulle was te bang vir 'n verwoestende neerlaag en het toe maar besluit om hierdie naweek in die Vallei van Verlatenheid naby Graaff-Reinet te gaan uitkamp.**

## IETSIE OM TE DOEN

**GAT**
15 Augustus — LANDBOU DINEE-DANS
16 Augustus — OUDE MOLEN-huisdans

**SANLAMSAAL**
14 Augustus — Atlektiekkantoor-vergadering
15 Augustus — HUIS DIV-huisdans
16 Augustus — HELDERBERG-huisdans

**VROUEVERENIGINGSAAL**
11 Augustus — FOKUS-filmvertoning
14 Augustus — US-BLAASORKESDINEE
15 Augustus — CATHSOC-dinee-dans
16 Augustus — HUIS NEETHLING-dinee-dans

**HUNTSMEN INN**
15 Augustus — ARISTEA-huisdans

**STADSAAL**
22 Augustus — NEMESIA-huisdans

**BRACKENFELL BURGERSENTRUM**
15 Augustus — AURORA-huisdans
9 Augustus — DASUS — Tag in Kapstadt
9 Augustus — INTERVARSITY
22 Augustus — ADMISSIEBONDDINEE

**BLOEDOORTAPPINGSDIENSTE**
11/18/25 Augustus — GAT — 5-8 nm.

## SKRYWERS

**ENIGE belowende skrywers, veral op die gebied van jeugverhale, word deur CUM KOMMUKASIES benodig.**

**Die betrokke instansie wil ook met die skrywers kennis maak deurdat enige letterkundige blad of tydskrif wat deur die universiteit gepubliseer word aan hulle gestuur kan word.**

**Voornemende aansoeke of tydskrifte kan gestuur word aan:**

**CUM KOMMUNIKASIES (Edms) Bpk.**
**Posbus 132**
**Roodepoort.**
**1725.**

**'Tafelberg was die hoogste wat ons nog was – totdat ons gehoor het van DUBBEL SPAAR!'**



"Ons twee het al die land platgery gehad. Van Banana Beach tot Bredasdorp. Idees vir vakansies het al begin opdroog. Totdat ons van die Allied se 'Dubbel Spaar' gehoor het. Dit werk so: Jy kry TWEE rekenings. Een vir **'Vandag se Geld'**. Dis vir nou se dinge, soos kontantgeldjies landwyd trek by enige Allied-tak, tjeks, aftrekorders en oordrag van geld na ander rekenings.


En die tweede een vir **'Anderdag se Geld'** vir later se dinge. Soos hierdie blink idee van ons om in die Alpe te gaan ski. Met die Allied-mense se hulp was dit maklik om die regte rekening vir ons doel te kies. Ons het 'n groot keuse gehad, elkeen met 'n hoë rentekoers."

Kom gesels oor 'Dubbel Spaar' by enige Allied-tak. Ons sal jou help om reg te kies uit die meer as 20 verskillende 'Dubbel Spaar'-rekeningkombinasies. Sodat AL jou geld ALTYD dubbel en dwars vir jou werk.

**ALLIED**
**die bouvereniging naaste aan u.**

Bates oorskry R1,8 biljoen

3810/2A LS-FCB


Ons verwag 'n paar ekstra vriende
vir ete vanaand...daar's wyn te tap van
DROSTDY-HOF
KELDERKEUR
DROSTDY-HOF
LATE HARVEST
Drostdy-Hof
bring u nou met trots
hul gerieflike TapVat™
Wynkenners, nou's daar 'n hele reeks
sierlike wyn tapklaar te kry
van Drostdy-Hof.
Die nuwerwetse vaatjie
hou u wyn ure lank heerlik koel
- en die kwaliteit bly goed
weke na die tap van die eerste glasie.
Elke vaatjie bevat 40 glasies
- om te geniet saam met vriende.
Tap 'n wyn van Drostdy-Hof
- geskep deur 'n Ou Kaapse kelder
vir mense wat graag 'n fynwyn voorsit.
DROSTDY-HOF
NUWE
TapVat™
LATE HARVEST · STEIN SELECT · RUBY ROSÉ · CLARET SELECT · BLANC SEC
SIERLIKE WYNE · BILLIKE PRYS
DRH 22/36A

# Seksie-uitstappies: Hoe wenslik is dit?

EEN van die mees gewilde sosiale byeenkomste op Stellenbosch is seksie-uitstappies of partytjies. Op hierdie manier kry mense wat 'n seksie deel, maar nooit iets met mekaar te doen het nie, 'n goeie kans om mekaar beter te leer ken.

Op Stellenbosch is enige rede genoeg om 'n partytjie te hou, selfs die feit dat jy op 'n aand nie lus het om te swot nie; en jy stel aan jou mede-seksielede voor dat hulle gou by die Pizzeria 'n steakie gaan maak — enigiets sodat Stellenbosch, studies en Sorge agtergelaat kan word!

Ten minste eenmaal per jaar word daar klerem uitgehang ook. Dan word die baadjie en das uitgehaal, die skoene gepolish" en almal sit af na 'n "steak house" om die ete op 'n beskaafde manier aan te pak.

By dameskoshuise word seksiepartytjies gehou wat wissel van informele koffiedrink-sessies, middernagpartytjies, roomys-etes, 'cheese lunch' en formele etes by een van Stellenbosse eie eetplekke.

Eerste op mans se ranglys is natuurlik dié oggende wanneer die dames vir hulle koffie in die bed te bring. Partymaal word 'n mansseksie deur 'n dameseksie uitgenooi vir pannekoek of iets dergeliks — wat natuurlik glad nie te versmaai is nie!

### LANZERAC

As die mans dames nou regtig wil trakteer, skiet hulle die dames vir 'n skemerkelkie op Lanzerac se stoep. 'n Ander uitstappie wat baie gewild bly, is wanneer die dames (in wit rokke en strooihoede) en die mans (in streepbaadjies) 'n sjampanje-ontbyt langs die Eersterivier nuttig.

### KOSTE

Die koste van uitstappies hang af van wat die seksie doen. 'n "Cheese lunch" kos R3,00 (wyn uitgesluit), skemerdrankies by die Lanzerac naastenby R2,00 per persoon, die Pizzeria kos so R3,50 (wyn uitgesluit), die Zorba kos so om en by R5,00, fliek is R1,00, 'n sjampanjeontbyt kos so R1,00 per persoon (afhangende van die hoeveelheid sjampanje wat die mans koop en watter beskuitjies, vrugte e.a. eetgoed die dames bring). Dan is daar nog koffie- en roomysuitstappies wat minder as R1,00 kan ko;s. Die goedkoopste seksie-uitstappies is natuurlik 'n wandeling langs Coetzenburg se velde . . .

### MENINGS

Menings omtrent hierdie seksie-uitstappies is van wye omvang, alhoewel die meeste studente voel dat hierdie uitstappies 'n welkome onderdeel van studentelewe uitmaak. *Die Matie* het by 'n paar studente gaan kers opsteek om uit te vind wat die algemene gevoel is:

**Seksie 8, Monica:** "Die algemene gevoel is dat seksie-uitstappies tog waarde het. Dit bied 'n geleentheid aan 'n seksie om as 'n groep sosiaal saam te verkeer."

**Cheryl Orpen, B.Prim.III:** "Personally I think it is a waste of time."

**Salome Greeff, Huis ten Bosch:** "In ons koshuis is dit 'n groot sukses. Seksie-uitstappies word ook gebruik op 'n kompeterende basis om te sien watter seksie die oorspronklikste is."**R. Schoonstra, Joubertstraat 8:** "Ek dink dis iets wat vir na die huwelik gebêre oet word."

**Seksie D-Gat, Nemesia:** "Dis 'n fees — enigiets waarby wyn, ouens en kos betrokke is (daardie volgorde), is hoogs welkom. Laatverlof moet sommer ingesluit word."

**'n Inwoner van Huis Neethling** het die algemene gevoel baie mooi saamgevat: "Sonder klein tradisietjies soos hierdie sal dit seker net sport, verenigings en die SR wees wat keer dat die studentelewe 'n onpersoonlike akademiese instelling word."



*Die Lanzerac bly steeds dié gewilde kuierplek vir mans en dames. Nie alleen vir daardie middagbesoekie nie, maar ook voordat daar uitgegaan word die aand. Weersomstandighede het nog nooit in belangrike rol gespeel soos op die foto gesien kan word.*



*Stellenbosch "drummies" is nog altyd die eksotiese en trotse toonvenster van ons studente bedrywighede.*

# MATIELAND STAL SY TROTS UIT

EEN van die vertoonstukke van die Universiteit van Stellenbosch is sekerlik die trompoppies, of "drummies" soos hulle bekend staan. "Vertoon" is beslis die woord, want om so 'n groep dames hul passies te sien uitvoer is beslis 'n lus vir die oog.

Die "drummies" se primêre funksie is om aan die karnavaloptog deel te neem, maar hulle word ook gevra om by skoue op te tree, asook by universiteitsgeleenthede, soos Intervarsity.

Om 'n trompoppie te wees, is nie net "glamour and shine" nie — dit kos harde en gereëlde oefening. Hulle oefen gereeld tweekeer per week vir 'n uur op 'n keer, maar voor 'n optrede moet hulle soms elke dag oefen om die nodige afronding te verkry. Die afrigter is Gerrie Bosman, en Suzanne Peacock is die een wat die passies uitwerk. Volgende jaar se trompoppies sal spesiaal 'n week voordat die Universiteit begin, Stellenbosch toe moet kom om te kom oefen. Die trompoppies se uitrustiong sowel as hul oefenklere word deur 'n bekende versekeringsmaatskappy geborg.

### HOOGTEPUNT

Die hoogtepunt op vanjaar se drummiekalender was die deelname aan die nasionale trompoppiewedstryd op die Randse Paasskou. Die hele groep is per trein Johannesburg toe, en daar het hulle in 'n driesterhotel tuisgegaan. Behalwe vir die tyd wat hulle opgetree het, kon hulle na hartelus rondloop en gaan kyk na wat daar te siene was. Hulle is ook dikwels deur ander borge onthaal. Die Grande Finale was die Saterdagaand, toe al sewentien trompoppiespanne op die veld was. Toe die uitslae kom, moes hulle hoor dat hulle vyfde geëindig het, en dit nadat hulle die vorige jaar met die sestiende plek tevrede moes wees.

Saterdag sal die laaste keer wees wat die huidige trompoppies saam optree. Daarna sal hulle ontbind. Die organiseerders is dus op soek na nuwe poppies. Die afgelope jaar was daar 28 trompoppies, maar hulle wil die span vergroot na 40. Daar sal dus heelwat vakatures wees, en enige dame wat belangstel moet haar naam by die karnavalkantoor ingee, of by enige van die huidige "drummies". Die keuring word smaakvol gedoen, en die faktore waarop daar gelet word is bou (natuurlik!) en ritme.

Daar heers 'n baie lekker gees onder die meisies, en die organiseerders wil graag die trompoppies 'n prestige-groep maak. Die dae dat trompoppies net 'n klomp meisies was wat niks beter gehad het om te doen nie, is lankal verby.

# DEBUTANTES: 'N REUSE WERK

OM 'n debutante te wees, is 'n wonderlike ervaring vir enige meisie. Geld word vir 'n baie goeie doel, nl. USKOR, ingesamel en hulle doen in dié proses waardevolle mensekennis op.

In September/Oktober vind die werwing van voornemende debutantes plaas, wanneer koshuisbesoeke gedoen word en plakkate, foto's en advertensies gepubliseer word. Enige meisie kan aansoek doen om 'n debutante te word; en kry dan vanaf Oktober tot Maart die geleentheid om geld in te samel. Enige persoon of firma wat meer as R50,00 skenk, se naam verskyn op die spyskaarte wat tydens die debutantebal gebruik word.; Die finansiële kontrole is baie streng en alle geld moet teen die einde van Maart inbetaal wees. Alle meisies wat daarin slaag om meer as R400,00 in te samel, word uitgenooi na die debutante bal — iets wat as 'n baie groot eer beskou word.

Hierdie dans is baie deftig en die meisies trek tradisioneel wit rokke aan. Tydens hierdie dans word die name van die wenners bekend gemaak. Die eerste dertien meisies wen almal pryse, wat wissel vanaf twee retoerkaartjies oorsee (eerste prys) en een retoerkaartjie oorsee (tweede prys) tot grimering en klere.

Vanjaar was daar 'n rekord aantal debutantes, 404 meisies, waarvan 101 gekwalifiseer het vir die dans. Hierdie klomp meisies het dan ook 'n rekordbedrag ingesamel, nl. meer as R72 000. Die debutante wat as die wenner aangewys was, is Cari van der Merwe, wat meer as R2 000 ingevorder het.

### HEERLIK

Die dans, die bevrediging wat hulle uit die werk gekry het en alles wat hulle ervaar en geleer het, het die meisies almal laat saamstem dat dit heerlik was om as 'n debutante te kon optree — 'n ondervinding wat hulle vir geen geld ter wêreld sou misgeloop het nie.

### BAL

Die debutantebal is vanjaar op 28 Maart in die Mount Nelson gehou. Die eregaste was regter Jan Steyn en sy gade, die Rektor, prof. de Vries en mev. de Vries, die Karnavalvoorsitter en lede van die uitvoerende komitee. In sy toespraak het regter Steyn die debutantes gelukgewens met die bedrag wat hulle ingesamel het en die goeie saak waarvoor dit gebruik word.

ONS HERSTEL ALLE FABRIKATE
TV
Radio's
Hoëtroustelle
Bandspelers
CONTACT RADIO
Ryneveldstraat 40
Tel. 4383
Stellenbosch

# Chess

1980 saw the revival of the U.S. Chess Club, after a year when the club was close to disbanding. The club offers opportunities for the beginner, as well as the tournament player, holding meetings on Monday nights in either the Raadsaal or the Aurora office in the L.S.S.

### BEGINNER

For the beginner I am placing the first of six articles on the game of chess, which can be cut out and collected.

### 1) MEN AND CHESS BOARD

The game of chess is a battle between two armies, numerically equal, of which the two players are the generals.

The forces consist of 32 "men", each side having eight Pieces and eight Pawns, of a light and dark colour (White and Black).

The Pieces consist of one King, one Queen, two Rooks (Castles), two Knights, and two Bishops. Taking the Pawn as a unit, a Bishop = 3, a Knight = 3, a Rook = 5 and a Queen = 10.


The chess board is the battle-field upon which this mimic warfare takes place. It is divided into 64 equal alternate light-coloured and dark-coloured squares.

The Horizontal divisions are called "ranks" and the vertical divisions are called "files". The lines of the squares of the same colour which are touching are called "diagonals". There are 8 ranks, 8 files and 26 diagonals.

For the more advanced player, a small problem is being placed below. The solution will appear in the next Matie.

Enjoy your game!

**Compiled by WALLY HOJEM**



**Although Black threatens to checkmate White immediately it is White's turn tomove and he can launch a mating attack. Can you see how White wins?**

# Miskenning en Arbiedshervorming in Suid Afrika

**COENRAAD PIETERSE SKRYF:**

DIE diagnose van SA se arbeidsprobleem is nie moeilik nie, maar die oplossing is beslis nie voor-die-hand-liggend nie. Faktore onderliggend aan die probleem moet gesien word teen die agtergrond van gedurige miskenning op politieke-, sosiale-, en ekonomiese vlak van die inheemse swart bevolking. Hierdie miskenning vorm die oorkoepelende sambreel waaruit die geïdentifiseerde probleme vloei.

So vroeg as 1652 reeds is die swart bevolking van Afrika oor die hoof gesien vir ingevoerde slawe. Later is egter tog van inheemse arbeid gebruik gemaak. Streng volgens die Europese feodale stelsel van heer en diensbode, en 'n stand wat nie gewoond was om te werk nie, ontwikkel 'n paternalistiese gesagstruktuur in SA. Met die Britse oorname het die Protestantse geloof en die grootlikse assimilasie van verskillende kulture 'n baie sterk weerstand opgebou teen die koloniale siening van gelykwaardigheid. Die Suid-Afrikaanse gemeenskap het op daardie stadium reeds baie van sy huidige kenmerke gehad. Die blankes was 'n homogene groep gekant teen die Britse imperialisme en innovasie. Wat die nie-blankes betref was hulle slegs voldoende vir die arbeid wat hulle kon lewer. Andersins was hulle geskei van die blankes. Slawerny is gestaak in 1834 deur die Britse owerheid. Die Groot Trek het gevolg en in 1870 is die politieke grense finaal vasgestel tussen die vier provinsies soos dit vandag geld.

**INTERPRETASIES**

Daar is twee kompeterende interpretasies van die Suid-Afrikaanse arbeidsgeskiedenis.

(a) Blanke-middelklasarbeiders argumenteer dat die algehele neiging in die huidige eeu 'n proses is van opwaartse mobiliteit in beroep, waarin blankes wegbeweeg het van nie-verkiesbare en swakvergoede-arbeid na meer aangename en beter betaalde beroepe wat geleentheid geskep het vir nie-blankes om te vul.

(b) Die blanke-arbeidersklas maak daarop aanspraak dat die Suid-Afrikaanse arbeidsgeskiedenis die forum was van 'n voortdurende stryd tussen blank en nie-blank in die arbeidsmark, waar die blanke 'n agterryerstryd geveg teen die kompetisie van die nie-blankes.

Die impak van die redenasie en gevolglik weerstand van die blanke teen die nie-blanke arbeider in die arbeidsmark is te verstane. Dit is heeltemal duidelik waarom die blanke nie van sy posisie wil afstand doen nie. Ons is weer terug by die miskenning van die nie-blanke arbeider. 'n Mens moet egter versigtig wees om nie sondermeer die miskenning van arbeidsregte toe te skryf aan blanke supremasie en 'n blanke oorlewingsdrang nie. Dit het weliswaar later ontwikkel tot 'n oorlewingsdrang en les bes blanke heerskappy. Maar die faktore wat aanleiding gegee het en of verantwoordelik was vir die miskenning moet nie ligweg as voorafgaande geskiedenis afgemaak word nie. Baie duidelik en pertinent word verwys na die Europese tradisies in die feodale stelsel waar slawe die amptelike gebruik was. Met die stigting van die nuwe nedersetting aan die Kaap moes vanaf 'n sekere basis gebou word. Die rasionele basis was tog sekerlik om tradisies en beginsels te handhaaf. Met die relatief onopgevoede bevolking moes 'n ander uitweg geviond word. Slawe is ingevoer. Arbeid is met ander woorde van buite af ingebring. Verder was die inheemse bevolking beskou as heidens en barbaars, en 'n goeie teelaarde vir kerstening. Miskenning kom 'n lang pad, gebore uit die tradisies van die vroeë eeue.

Voortvloeiend uit die historiese bestel is vroeg reeds die basis vir SA se huidige arbeidsbetrekkinge gelê. Alle besluite wat in SA geneem is ten opsigte van die arbeidsbestel is geneem teen die agtergrond van die rassistiese antagonisme van die meerderheid blanke arbeiders teenoor die nie-blanke arbeiders. SA was hoofsaaklik 'n landbouland voor die ontdekking van minerale in 1867 en 1869. Die landboubedryf het op daardie stadium die vernaamste arbeidsmark gevorm, waaraan blank sowel as nie-blank moes deelneem. Met die ontdekking van goud en diamante het die posisie radikaal verander. Verreikende gevolge vir SA is voorafgegaan deur stakings wat ernstige ontwrigting in die arbeidsveld teweeggebring het. Tweespalt tussen die werkgewers en werknemers was 'n baie belangrike gevolg van die stakings. Maar onderling het steeds die antagonisme jeens blank en nie-blank geheers. Die saadjie van antagonisme het immers sy eerste impetus met die Britse besetting in 1806 gekry. Wat arbeidshervorming betref sou dit deurgaans vir langer as een en 'n halwe eeu die bepalende faktor wees in arbeidsbesluite ten opsigte van arbeidsreëling in SA. Blanke arbeiders het beswaar gemaak teen behandeling wat as "a custom common to the Kaffir employees" was.

**VAKBONDE**

Met die uitbreek van die tweede Vryheidsoorlog in 1899 was die goudmyn-, leer-, diamant-, bou-, druk-, en koerantbedryf die grootste verskaffers van arbeidsgeleenthede. Landbou was 'n belangrike veld vir ongeskoolde arbeid. Die nywerheidsterreine het egter dieperliggende sosiale vraagstukke geskep. 'n Aanvraag vir sekere beroepsklasse in arbeid het ontstaan op die myne. 'n Tekort aan geskikte blanke arbeid was regstreeks verantwoordelik vir die hoë lone wat deur mynbase aangebied was. Landbou het ver agtergebly in die proses. Teen 1910 het 'n hoog besoldigde groep blanke werknemers in die verantwoordelike poste gestaan met 'n massa swart arbeiders vir die ongeskoolde werk. Hierdie toestand het tot gevolg gehad dat vakbonde ontstaan het en werkgewerverenigings as teenvoeter.

In 1910 het al vier provinsies hulle eie loonreëling gehad. Arbeidsverhoudinge tussen werkgewer en werknemer is deur die heer- en diensbodewette gereguleer, saam met maatreëls wat op loonvasstelling en nywerheidsgeskille betrekking gehad het. Hierdie maatreëls was totaal ontoereikend om arbeidsverhoudinge veral in SA te beheer. Dringende wetgewing was noodsaaklik ten einde lone en ander diensvoorwaardes op 'n goeie grondslag te plaas.

In SA se reeds gevestigde nywerhede was die werknemers oorgelaat aan die genade van die werkgewer. Staatsbeskerming was nodig om toe te sien dat werknemers diensvoorwaardes geniet wat ooreenstem met die standaarde van 'n beskaafde land.

**HOËR LONE**

Arbeidsmobiliteit en mededinging tussen werknemer- en werkgewerorganisasies sal die betaling van 'n hoë loon in die hand werk. In 'n kapitalistiese bestel is die werkgewer in die sterker posisie wat onderhandeling betref.

Vir hulle eie behoud moes georganiseerde arbeid in SA die vakbond instel om met werkgewers oor loonreëling te onderhandel. Op die oog af is dit egter 'n oorvereenvoudiging. Slegs blankes het die wetlike reg om in SA vakbonde te stig. Onder blanke arbeiders val ook Kleurlinge en Indiërs. Die swart arbeidsmag is nie aangewese op die vakbondwese wat uitsluitlik 'n luukse vir hulle skyn te wees. (Die Wiehahn- en Riekertverslae het die situasie egter verander.)

Teen 1925 het die vakbondwese in SA 'n vaste patroon begin aanneem. Tussen 1910 en 1925 was daar egter geen volle indiensneming nie. Werkloosheid en veral 'n armblanke vraagstuk het ontstaan. Die hele toestand het demoraliserend op die gees van die blanke ingewerk. Lae lone is vir ongeskoolde arbeid betaal. Die loontrekkende swart arbeider het 'n maatskaplike gevaar vir die blanke mynwerker geskep en in 'n mate die werkloosheidsprobleem van die blanke vererger.

Die armblankevraagstuk is een van die deurslaggewende faktors wanneer arbeidshervorming ter sprake kom. Dit val onder die gedurige stryd tussen blanke en nie-blank in die arbeidsmark tydens die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse nywerheidswese. Maar steeds duidelik sigbaar is die miskenning van swart arbeid as 'n eenheid wat betref die arbeidsmag in SA. Dit dui vir my op 'n parogiale siening aan blanke kant.


Blanke arbeiders wil die moinopolie reserveer vir hulleself in die arbeidsmark. 'n Baie ongesonde toestand in die Suid-Afrikaanse ekonomie. Die Buro vir Ekonomiese ondersoek aan die US het onomwonde verklaar dat die gebrek aan mededinging in die Suid-Afrikaanse ekonomie besig is om die standaard van bestuursposte in SA drasties te verlaag. Dit is die gevolg van arbeidsbesluite gerugsteun deur 'n blanke monopolistiese drang.

## MENINGS-AKTUEEL

## Neem Kennis

**Menings op hierdie bladsy gehuldig is nie noodwendig die van die redaksie nie.**

**Hieronder volg 'n persverklaring wat uitgereik is deur die Anglikaanse Studente Federasie.**



*Eendrag het verlede naweek 'n "Fees van die Bees" tydens sy tradisionele Huisdag gehou. Te oordeel na die genoegdoening op die gesigte van die aspirant-braaiers, was dit hoe later, hoe kwater.*

## 5th Avenue Cold Duck



*Marietha Nel is die Maties se "1980 5th Avenue Cold Duck" Sjampanje nooientjie. Sy is Dinsdagaand in die Oude Libertas-sentrum gekroon tydens 'n onthaal wat deur 5th Avenue Cold Duck geborg is. Marietha is 'n inwoner van Huis Neethling en tans besig met haar tweede jaar in tale.*

# "ANGLIKANE VOEL STEEDS GEROEPE"

WE, the Anglican Students' Federation at the A.G.M. on 9 July 1980 at Kwanzimela Conference Centre, Zululand, South Africa, feel commissioned by the words of St. Matthew 25:31-46, to declare in the strongest possible terms to the South African Government that we identify with the present crying need for a radical socio-political reform in this country.

We, as Christians, cannot be disobedient to God, who Himself has never ignored injustice and oppression; we cannot therefore ignore the growing outcry of our oppressed people against the System of our government, because God will never ignore a cry of broken hearts.

In the light of the prevailing state of Black protest against the injustice of the System of government, we cannot sit and do nothing about the crisis. We cannot afford to bear mute witness in the face of the oppression of the Black people. We draw attention to the following:—

(a) the increasing difficulty of expressing concern, opinion or even facts because of the oppressive laws against the press and against person or group protest;

(b) the abhorrent situation of detention of people without trial and without satisfactory reasons given by the authorities, and the apparent inability of detaining authorities to ensure the personal safety of those taken into detention;

c) the so-called "resettlement plan" in which over a million Black people have been moved from one area to another against their wishes; we stress that descent into chaos is not resettlement;

d) the urgent need for a unitary system of education with a single standard for all people.

We cannot afford to spectate the dehumanising programmes, whereby Blacks are exploited and deprived of self-determination. We witness that the time has come for the government to renounce these policies and the laws which flow from them, which have no Christian basis. We call for a national Convention with authentic Black leaders to attend to the country's problems.

Further we submit that deliberately fostered ignorance of the realisties of the South African situation has caused polarisation between Black and White in which these two groups no longers appreciate each other's needs, feelings and aspirations. We fear that the consequence will be violent civil disorder.

We declare that unless the government takes positive measures in response to the need, we will have no alternative in practical terms, but to turn away from such laws and regulations that dehumanize fellow men. Where we are called upon to choose between disobedience to the laws of man and the laws of God, we must choose to obey God.

We continue to pray for the people of South Africa and the government in our vision for a just South Africa.



*Mev. F. van Wyk oorhandig hier die prys van R200 aan die primaria van Aristea, Riana Coetzee (links). Aristea is die koshuis wat gedurende 1979 die meeste boeke gekoop het by "Griet se Boekrak".*

# David Reid-Ross

## SPORT-PROFIEL

As 'n man eenmaal die Springbokspan in enige sportsoort haal, is hy goed, maar as hy dit vier jaar na mekaar regkry, moet hy baie goed wees. So 'n man is David Reid-Ross, wat nou pas saam met nog 'n Matie, Leith Stewart, gekies is vir die Springbok-hokkiespan wat later vanjaar in Europa gaan toer.

David, 'n B.A.-student met hoofvakke Geskiedenis en Geografie, is hokkie- en krieketorganiseerder by die Matie-sportklub. Hy is 'n oud-inwoner van Simonsberg, maar bly op die oomblik privaat.

Sy kinderjare het hy in Port Elizabeth deurgebring, waar hy 'n leerling aan Hoërskool Grey was. Sy eerste kennismaking met 'n hokkiestok was op tienjarige ouderdom toe hy vir die Old Grey-hokkieklub begin speel het. Vir sy skool het hy vanaf St. 7-10 in die Eerste span gespeel. In 1973 en '74 (toe hy in St. 9 en 10 was) het hy die O.P.-Skolespan gehaal en in 1974 is hy ook vir die S.A.-Skolespan gekies.

### Onervare

Ten spyte van bogenoemde prestasies op skool, erken David dat hy eintlik maar nog 'n one rvare speler was toe hy in 1975 op Stellenbosch aangekom het. Volgens hom is Cari Rose-Innes (wat tot vroeg vanjaar nog hokkie- en krieketorganiseerder van die Matie was) die persoon wat hom in sy hokkieloopbaan die meeste gehelp het.

Op Stellenbosch het hy gou sy voete gevind, soos blyk uit die feit dat hy in sy eerste jaar hier die Maties se Eerste hokkiespan verteenwoordig het en ook vir die S.A. o.21-span gekies is. Aan die einde van dié jaar was hy oorsee saam met die Matie-hokkiespan wat o.a. Holland, Duitsland en Frankryk besoek het.

David is vanaf 1975 tot 1978 elke jaar vir die S.A. o.21-span gekies. Die afgelope vyf jaar het hy elke jaar die S.A.U.-hokkiespan gehaal. In 1977 het hy die hoogste sport bereik toe hy sy Springbokkleure verwerf het. Dié groot prestasie het hy in 1978, 79 en nou weer behaal. Die vorige drie jaar se Bokspanne het net teen Rhodesië gespeel, en vanjaar is die eerste keer dat hy saam met die Springbokke oorsee gaan toer.

Hierdie begaafde sportman, wat op 1 Januarie 1957 in Port Elizabeth gebore is, het ook vier vier jaar lank vir die Maties se Eerste krieketspan gespeel. Sy baie hokkie-verpligtinge verhoed egte dat hy deesdae daarmee kan voortgaan. As hy 'n tydjie kan afknyp, speel hy ook graag tennis en muurbal.

### Voorspoed

Matieland is bevoorreg om so 'n goeie sportman te hê. Ons wens hom sukses en voorspoed toe met vanjaar se Springboktoer en ook met sy verdere loopbaan.



David Reid-Ross

# KORT — SPORT

### Bokke

Drie Maties is gekies vir Springbok hokkiespanne. David-Reid Ross en Scotty Stewart het die span gehaal wat later vanjaar na Europa toer, terwyl Debbie Cromhout vir die damesspan gekies is.

### W.P.-kampioen

Veels geluk aan die fietsryer Rassie Smit wat verlede Saterdag die W.P. padkampioenskapswedren oor 175 km gewen het. Die Maties F. Kotzé en P. Smit het ook goed gevaar deur onderskeidelik 4de en 6de te eindig. In die Junior-wedren oor 100 km was H. Rossouw en C. du Toit onderskeidelik derde en sesde. C. Lemmer is die nuwe kampioen in die afdeling vir jongelinge.

### Hokkie

Die Maties het hulle onoorwonne status behou deur die Paarl verlede Saterdag met 1-0 te klop. Die Maties se kanse om vanjaar die kampioen te word is nou baie goed. Die wendoel is deur Andy Schoeman na 'n kort hoekslag aangeteken.

### Karate

Tydens die W.P. Gojo Ryu Karate kampioenskapstoernooi wat in die D.F. Malan-gedenksentrum plaasgevind het, het die U.S. Karateklub besonder goed gevaar. Mike Reynolds het die kumite-afdeling vir geel-oranje gordel gewen. J. Hinter en R. Strauss was onderskeidelik tweede en derde. In die geel-oranje gordel kata-afdeling is die eerse drie plekke ingeneem deur A.C. Thompson, S.J. Stone en J. Hunter.

Leonora Maritz het die kata-afdeling so wel as die kumite-afdeling vir dames gewen. Die enigste Matie met 'n swart gordel, André Möller, het 'n tweede plek in die kumite-afdeling vir swart gordels ontvang.

# Kano-Marathon

**Die kanoklub van die Maties het onlangs 'n roeimarathon op 'n plaasdam naby Stellenbosch gehou. Die lede van die klub het vir ses dae aanmekaar in skofte van een uur geroei. Hulle oogmerk was geld in te samel vir die bou van 'n klubhuis by die dam.**

Die roeiers is per kilometer geborg deur private instansies. Aan die einde van die week het hulle ongeveer 1600 km in totaal geroei. Die borge sal dus moet opdok — na verneem word is die meeste gelde nog uitstaande.

Veral vir die manne wat in die nag- en vroegoggendure moes roei, was dit nogal 'n rare ondervinding. Dit was soms nogal koud en in die vroeë oggendure was die mis partykeer so dik dat die roeier maar moeilik sy koers om die boeie kon vind.

Die roeiers het min of meer die afstand afgelê wat hulle beplan het om te roei. As al die borge net hulle beloftes gestand doen, sal dit die kroon span op 'n baie suksesvolle onderneming.

# INTERVARSITY PROGRAM

## GROOTE SCHUUR

B. MABRÉ vs. COLLEGE HOUSE

09h45 A. EENDRAG vs. UNIVERSITY HOUSE

B. DAGBREEK vs. COMMENCE

C. HELDERBERG vs. LEO MAQUARD

10h45 A. MEDIES vs. MUKUMBWA

B. HELSHOOGTE vs. BELSEN

C. HUIS VISSER vs. SMUTS OLD BOYS

11h45 A. PIEKE vs. OPSTAAN HARRIES

B. WILGENHOF vs. COLLEGE OLD BOYS

C. LIBERTAS vs. MEDIES

12h45 — 14h00 **NUWELAND**

DERDE SPANNE

SKEIDSREGTER: P. Dopson

14h00 — 14h45

TROMPOPPIES

14h15 — 15h30

TWEEDE SPANNE

SKEIDSREGTER: Prof. I. de V. Heyns

15h30

HOOFWEDSTRYD

MATIES I vs. IKEYS I



# Op die Kantlyn

HARRY v.d. WESTHUIZEN

**Kampioen**

Die Matie-fietsryer Rassie Smit is die nuwe W.P.-padkampioen. Wat sy prestasie egter meer merkwaardig maak is die feit dat hy kort na die aanvang van die wedren weggebreek het en die res van die 170km op eie houtjie afgelê het. Slegs fietsryentoesiaste weet wat dit beteken. Formidabele fiksheid en stamina is nodig. Die ure van toegewyde oefening wat so 'n prestasie moontlik maak is van die meeste wat in amateursport aangetref word.

**Op die kantlyn**

Rom, rom, rom, die Maties die kom, is die kreet wat teen die hange van Tafelberg sal eggo, as die Maties Saterdag opruk na die Ikeys se domein.

En as dit so goed gaan soos verlede jaar sal hulle weet Dok se seuns was daar, om nou net rugbyterme te gebruik. Statistiek bewys dat die Maties 36 van die 61 kragmetings gewen het, terwyl hulle 19 verloor het. Verlede jaar het ons alle rugbywedstryde insluitende die koshuiswedstryde gewen. Kom kêrels laat vanjaar geen uitsondering wees nie.

Dit is die sportredaksie se wens dat alle wedstryde, van watter aard ook al, in 'n goeie gesindheid beslis moet word. My boodskap is: gaan om te wen, gaan om vriendskapsbande te smee en gaan om dit te geniet, want daar sal nooit weer 'n Intervarsity 1980 wees nie. Ons wil die Ikeys verseker dat dit vir ons 'n voorreg is om teen hulle te speel.

**Misverstand**

Die voorval wat Pieke verlede Vrydag van 'n moontlike oorwinning beroof het, was lank al te wagte. Die Pieke-manne het die fluitjie van die veld langsaan verwar met hul eie skeidsregter s'n en gemeen die beweging wat aan die gang is, is gestop. Die Wilgenhoffers het hul egter nie laat vang nie en die beweging het op 'n drie en die wenpunte uitgeloop. Dit wys jou net weer die Wilgenhoffers luister nie sommer na enigiets nie.


# Debbie Cromhout Supersportvrou

**Die 20-jarige Debbie Cromhout het twee weke gelede Charlie se Supersportvrou-kompetisie gewen. Sy het altesame 150 punte ingeoes in die 10 nommers waarin die deelneemsters meegeding het, nl. kanovaart, duik, swem, basketbal, fiksheidsoefeninge, naelloop oor 150m, hoogspring, fietsry, hokkie en 'n hinderniswedloop oor 600m. Debbie het die meeste gehou van die hokkie en die fietsry.**

**Dié oorwinning is egter nie haar enigste onlangse sportprestasie nie. Dié L.O.-student in haar finale jaar is gekies as kapteine van die Protea-hokkiespan, 'n S.A.-Universiteitspan wat later vanjaar oorsee gaan speel. Sy is ook opgeneem in die Springbok-hokkie-span. Dié span wat bekend staan as die S.A. Nomads, speel oo;k later vanjaar teen 'n oorsese span.**

GEBR BROS.
Vd LINDE
NASSAU ARKADE
PLEINSTRAAT
TEL: 5590
VIR MANS
*Groot verskeidenheid Wynsakke, Pype, Geskenke en Juweliersware.*

STELLENBOSCH SPORT
PLEINSTRAAT
TEL 71035
•
WAAR MATIE SPORTLUI TUIS VOEL




*Drompoppiestyd is ook Intervarsity-tyd. Die drompoppies sal Saterdag weer soos gewoonlik voor die hoofwedstryd optree. Dit sal die 61 ste Intervasity-wedstryd wees waarvan die Maties 37 gewen en 19 verloor het, terwyl 12 gelykop was.*

# KOSHUISRUGBY

## Simonsberg-Eendrag

**In 'n harde en spannende wedstryd het Simonsberg daarin geslaag om Eendrag met 6-4 te klop. Na 'n wankelrige begin aan albei kante, het dit later tog in 'n aanskoulike wedstryd ontwikkel.**

In die eerste helfte geniet Simonsberg gebiedsvoordeel, danksy hulle skrumkrag. Eendrag is telkens teruggedruk, en het in die proses 'n paar vaskoppe aan Simonsberg afgestaan. Simonsberg se agterlyn, wat heelwat ritme getoon het, het telkens aangeval, maar Eendrag se verdediging was rotsvas. Simonsberg is aanhoudend teruggedryf met goeie skoppe.

Die enigste punte van die eerste helfte is in die agste minuut aangeteken met 'n strafskop deur Fourie (senter) van Eendrag (0-2).

Vroeg in die tweede helfte het dit effens beter gegaan met Eendrag, maar Simonsberg het weer eens verbete aangeval. In die agtiende minuut word Simonsberg beloon vir hulle spel. Na 'n vryskop naby Eendrag se doellyn, gaan Tommie Bosman (stut) oor vir 'n drie (4-2).

In die 24ste minuut maak Fourie van Eendrag die telling gelyk met 'n strafskop voor die pale. Die wenpunte kom in die doodsnikke van die wedstryd toe Steyn (heelagter) van Simonsberg geen fout maak met 'n strafskop nie en die eindtelling op 6-4 te staan bring.

## Dagbreek-Helshoogte

**Dagbreek het in 'n taai stryd met 12-8 oor Helshoogte geseëvier.**

In 'n vaste wedstryd wat aanvanklik ontsier is deur swak hanteerwerk, het Helshoogte se voorspelers baie goed opgeweeg teen die veel swaarder voorspelers van Dagbreek. Die eerste helfte het baie goeie losvoorspelerspel opgelewer, waarin veral die agsteman van Dagbreek, Henk Myburgh, goed vertoon het.

### FILMATER

Die eerste punte het gekom nadat Tony Potgieter, heelagter van Dagbreek, die bal vanaf 'n strafskop deur die pale gesit het. Vyftien minute later is Helshoogte se slot, George Filmater, oor die doellyn en het die senter, Johan Kirsten die drie vervyf om die rustydtelling op 6-2 in die guns van Helshoogte te staan te bring.

Kort na rustyd het Tony Potgieter weer 'n strafskop deur die pale gesit, maar nie lank daarna nie het Johan Kirsten van Helshoogte ook geslaag met 'n strafskop om die telling op 8-4 te staan te bring.

### VOORSPELERS

Hierna het Dagbreek met sy veel swaarder voorspelers die spel begin beheer en was dit duidelik dat die Helshoogte voorspelers begin moeg raak het. Dit was dan ook vanaf goeie voorspelerspel dat Henk Myburgh, Dagbreek-agsteman, oor die lyn is vir Dagbreek se eerste drie; Tony Potgieter het die drie vervyf.

Kort voor die einde van die wedstryd, is Helshoogte gestraf vir ontoelaatbare spel. Tony Potgieter het weereens geslaag met die skop pale toe om sy bydrae tot Dagbreek se oorwinning op 8 punte te staan te bring. Die eindtelling was 12-8.

## Elsenburg-Huis Marais

**Elsenburg se swaar pak voorspelers het verlede week die grondslag gelê vir hulle oorwinning van 16-8 oor Huis Marais. Huis Marais het egter na 'n goeie vertoning die vorige week teen Wilgenhof, 'n moedige poging aangewend wat byna met welslae bekroon is.**

'n Faktor wat in Elsenburg se guns getel het, was die feit dat die wedstryd op hulle tuisveld gespeel is. Dit lyk asof hulle amper nooit 'n wedstryd daar verloor nie.

Uitblinkers vir Elsenburg was agsteman André Muller en Ian Carstens, skrumskakel. Muller is vir sy harde werk met twee drieë beloon. Een van hulle is deur senter Piet Marx gedoel. Die res van hulle punte het bestaan uit 'n drie deur Deon Kogh, vleuel, na goeie hantering deur die tuisspan. Dié drie is ook deur Marx gedoel.

Aan Huis Marais se kant is dit moeilik om iemand uit te sonder, hoewel die span as geheel glad nie oorweldig is nie. Die voorspelers het in die lynstane en losskrums hul man gestaan, maar in die skrums is hulle soms ver teruggestoot. Flank J. Hobbs wat 'n lekker wedstryd gespeel het, het 'n drie gedruk nadat Elsenburg op hulle doellyn teen een van Huis Marais se manne vasgeskop het. Dié drie is gedoel deur losskakel Francois de Wet wat ook 'n skepdoel oorgeklits het.

Vyftien minute voor die einde was Huis Marais nog 8-6 voor, maar hulle moes duur betaal vir 'n gebrek aan konsentrasie — in dié tyd het Elsenburg twee drieë gedruk en was die koeël deur die kerk.

## Oude-Molen-Huis Visser

**Oude Molen het Vrydag in 'n saai wedstryd daarin geslaag om Huis Visser met 24-2 te verslaan.**

'n Kenmerk van die wedstryd is die hoeveelheid balbesit wat Oude Molen gehad het. Die telling sou veel hoër gewees het as Oude Molen se hantering beter was.

Vanaf die begin het Huis Visser kwaai druk uitgeoefen. Ongelukkig slaag hulle nie met 'n strafdoel nie. Die eerste punte het gekom van 'n goeie strafdoel deur K. Füller van Oude Molen. In die 28ste minuut slaag A. Hanekom van Oude Molen om 'n mooi drie te druk. Fuller is weer in die kol 8-0. Heine Botha van Huis Visser slaag met 'n skepdoel vanaf 'n strafskop en die rustyd telling is 8-2.

### VUUR

In die tweede helfte speel het Oude Molen met baie meer vuur gespeel. Na 'n vinnige vaskop skrum val Theo Pauw van Oude Molen oor vir sy drie. In die 10de minuut val die woelige flank Wesley Horstman oor vir Oude Molen se derde drie. Fuller is weer in die kol 18-2. Die laaste spyker in die spreekwoordelike doodskis word deur D. Kramer gedruk nadat hy die bal in sy eie halfgebied onderskep het om die eindtelling op 24-2 te staan te bring.

## Uitslae

| | |
|---|---|
| Medies 16 | Libertas 10 |
| Simonsberg 6 | Eendrag 4 |
| Wilgenhof 14 | Pieke 12 |
| Mabré 18 | Helderberg 14 |
| Elsenburg 16 | Huis Marais 8 |
| Oude Molen 24 | Huis Visser 2 |

## Donderdag

| | |
|---|---|
| Elsenburg vs. | Pieke |
| Wilgenhof vs. | Libertas |
| Medies vs. | Helshoogte |
| Dagbreek vs. | Simonsberg |
| Eendrag vs. | Huis Visser |
| Oude Molen vs. | Mabré |
| Helderberg vs. | Huis Marais |

## Ligapunte

**AFDELING A:**

| | |
|---|---|
| Elsenburg | 4 |
| Wilgenhof | 4 |
| Medies | 4 |
| Dagbreek | 4 |
| Helderberg | 2 |
| Oude Molen | 2 |
| Eendrag | 1 |

**AFDELING B:**

| | |
|---|---|
| Simonsberg | 6 |
| Helshoogte | 3 |
| Mabré | 2 |
| Libertas | 2 |
| Huis Marais | 2 |
| Pieke | 0 |
| Huis Visser | 0 |

## Mabré-Helderberg

**Mabré het Helderberg verlede Vrydag in 'n harde wedstryd met 18-14 geklop.**

Beide spanne het alles in die stryd gewerp om die waardevolle 2 punte op die punteleer te verdien. Die verskil was egter Mabré se voorspelers wat harder ingeklim het en goeie balle aan hul agterspelers besorg het. Gert van Zyl, losskakel van Mabré, het goed gebruik gemaak van die balbesit en met goeie lyn en taktiese skoppe sy span op die aanval gehou.

Mabré het eerste punte aangeteken toe Hennie Breedt (senter) 'n taktiese skop van Heinrich Claasen (senter) opgevolg en gaan druk het. (4-0) Hierna het Helderberg mooi aangeval met hul skrumskakel aan die voorpunt. Hulle is beloon met 'n drie deur E. Schlüss (vleuel). H. Vermeulen het vervyf (4-6). Gert van Zyl wis kort hierna die agterstand uit deur met 'n strafskop te slaag (6-6). Mabré het weer die voortou geneem toe Johnny Viljoen (vleuel) mooi genael het om die bal vir Breedt te gee, wat sy tweede drie gaan druk het. Van Zyl vervyf (12-6). Net voor rustyd was dit weer Helderberg wat agter die doellyn gaan draai het toe J. Rich (senter) vanaf mooi tweede fase spel gaan druk (12-10).

Net na rustyd sit Vermeulen 2 strafskoppe in punte om, om sy span te laat voorloop met 14-12. Van Zyl antwoord egter ook met 'n strafskap (14-14).

Die laaste kwartier van die wedstryd het prag rugby opgelewer waarin Mabré met sowel hul voor- as agterspelers aangeval het. Pieter Niewoudt (flank) en Hennie Breedt (senter) het op die aanval sowel as verdediging uitgeblink. Mabré is beloon met die wenpunte toe Willem Hollestein (agsteman) vanaf 'n skrum vir 'n drie oorval (18-14). Dit was ook die eindtelling.

## Medies-Libertas

Medies het verlede Vrydag sy wedstryd teen Libertas met 16-10 gewen, nadat Medies 'n rustydvoorsprong van 14-10 gehad het. Hiermee behou hy sy onoorwonne status in die tweede ronde van die eerste koshuisliga.

Dit was 'n harde wedstryd wat onder die voorspelers beslis is. Die twee spanne het goed opgeweeg teen mekaar. Die feit dat daar na rustyd slegs twee punte aangeteken is, getuig van rotsvaste verdediging aan beide kante. Teen die einde van die wedstryd het Libertas alles in die stryd gewerp om punte aan te teken, maar Medies se verdediging het gehou.

Vir Medies was Botha suksesvol met drie strafskoppe en 'n vervyfskop. Potgieter, skrumskakel, en die linkervleuel van Medies druk elk 'n drie. Libertas se punte het gekom van drieë deur Smit, flank en Kruger, losskakel. Kruger het een van die drieë gedoel.

## Wilgenhof-Pieke

**Wilgenhof was verlede Vrydag gelukkig om Pieke in 'n harde wedstryd met 14-12 te kon klop.**

Pieke het deurgans die voorspel oorheers maar het nie sy kanse behoorlik benut nie. Alan Footman (losskakel) het drie minute na die afskop Pieke se telling met 'n strafskop geopen (2-0). R. Cronjé (haker) het hierna vir 'n drie oorgeval om Wilgenhof te laat voorloop (4-2). Kort hierna neem Pieke weer die voortou toe hulle agter die doellyn gaan draai (4-6). Toe Pieke daarna weer gaan druk en Alan Footman se doelskop in die kol was het dit gelyk of hulle die wedstryd kan wen (4-12).

### OMSTREDE

Wilgenhof het egter nie gaan lê nie en dit was Neels Barnard wat met twee drieë waarvan Saunders die laaste vervyf het, seker gemaak het van 'n oorwinning (14-12).

Die laaste drie was 'n omstrede drie in die opsig dat Pieke die fluitjie van die skeidsregter op 'n ander veld, as die van hul skeidsregter geïnterpreteer het, en gemeen het die beweging is gestop.

DIE BESTE BULVAN 'N BURGER OP DIE KAMPUS IS BY KENTUCKY, STELLENBOSCH





Vars gebakte broodjies gegeur met heerlike sesam-saad.
Vars gekapte uie maak jou Burger nog lekkerder.
Dun skyfies ingelegde komkommer vir daardie ekstra geur.
Skywe van die sappigste tamaties maak 'n Burger om van te droom.
'n Groot porsie bros, vars slaai.
Jy verkies jou Burger met kaas? Dis die geurigste, heerlikste cheddar.
Eenhonderd persent suiwer beesvleis-frikkadel, vinnig gerooster om sappig geurig te bly.
Die Kolonel se spesiale sous. 'n Verloklike geur wat jou mond laat water.
Kolonel Sanders se resep
Colonel Burger®
"Dis vingerlek-lekker"®
Kry jou Colonel Burger nou by jou Kentucky Fried Chicken-winkel, Trust Bank-sentrum, H/v. Andringa- en Beyerstraat, Stellenbosch.
Goodgoll, Said Campbell-Ewald 5294M